



LIVING AND FARMING
GOD'S WAY - sedert 1994

IN JOU SIEN
GOD VIR HOM 'N
Konink

40 Dae GEBEDSFOKUS 2019 | Dawid, Jesus en Jy



Die naam **AMOS** kom uit die Ou Testament. Amos was 'n boer en 'n profeet. Hy het gewaarsku teen vormgodsdienste, onreg en uitbuiting. Hy het verkondig dat godsdienstigheid nie genoeg is om God te behaag nie. God se kinders moet 24 uur van elke dag in verhouding met Hom en volgens sy wil leef. Die woord **Agrimin** is 'n afkorting van *Agricultural Ministries*.

AMOS se logo is ryk aan simboliek. Die windpomp simboliseer landbou. Die windpomp voorsien water en dit bring lewe en voorspoed. In **AMOS** bely ons Jesus Christus (die rooi kruis) as die Bron van Lewende Water (blou stroom). Sonder Hom is lewe in oorbloed onmoontlik. Die windpomp is 100% afhanklik van die wind. Net so is ons volledig afhanklik van die kragtige werking van die Heilige Gees.

Amos Agrimin se kernbesigheid:

Ons wil sien dat die **Koninkryk van God** sigbaar word in die **landbougemeenskap**.
Daarom is Amos Agrimin se kernbesigheid:



In jou sien God vir Hom 'n koning

Inspirasie, Bemoediging en Lering

*40-Dae Gebedsfokus op die Landbou
1 September – 10 Oktober 2019*

Skrywer:

Buiteblad-ontwerp:

Bladuitleg en grafika:

Taal- en gehaltebeheer:

Hennie Viljoen

Leana Viljoen

Fanie Serfontein

Cilna Maritz

Hannatjie Theron

Karen Botha

Druk- en bindwerk:

SUN MeDIA, Bloemfontein.

Met die uitsluitlike doel dat jy hierdie publikasie gratis mag versprei, hou *AMOS* geen kopiereg daarop nie. Daarom mag jy hierdie boekie sonder toestemming reproduseer langs enige elektroniese of meganiese weg, of in enige ander vorm, hetsy deur fotokopiëring, bandopname, of enige ander stelsel van inligtingsbeweging. **Die publikasie mag egter nie verkoop word nie.** Vir enige navrae kan u die skrywer kontak.

Aanhalings is uit die 1983-Vertaling van die Afrikaanse Bybel, tensy anders aangedui.

Uitgegee deur **AMOS AGRIMIN**

secretary@amosafrica.net
www.amosafrica.net

ISBN 978-1-920138-69-1



Inhoudsopgawe

In jou sien God vir Hom 'n koning.	4
10 Oktober - Kaalvoetdag.....	5
Hoe om die meeste van die Gebedsfokus te maak.	6
 DEEL 1 Moeilike tye en omstandighede.....	8
Dag 1 Ek voel oorweldig en bedreig!	8
 DEEL 2 Drie Konings (Dawid, Jesus en jy)	11
Dag 2 Dawid is koning.	11
Dag 3 Jesus is Koning.	12
Dag 4 Jy is 'n koning.....	14
 DEEL 3 Praktiese lesse te leer uit die lewe van koning Dawid.	17
Dag 5 Bly leef in 'n intiem-persoonlike verhouding met God.....	18
Dag 6 Bly leef in 'n intiem-persoonlike verhouding met God.....	19
Dag 7 Bly leef in 'n intiem-persoonlike verhouding met God.....	21
Dag 8 Bly leef in 'n intiem-persoonlike verhouding met God.....	23
Dag 9 Bly leef in 'n intiem-persoonlike verhouding met God.....	24
Dag 10 Bly leef in 'n intiem-persoonlike verhouding met God.....	26
Dag 11 Kry 'n vriend wat jou kan bemoedig in jou vertroue op God	30
Dag 12 Kry 'n vriend wat jou kan bemoedig in jou vertroue op God	32
Dag 13 Bly fokus op God se vermoë en nie op jouself of jou omstandighede nie.....	34
Dag 14 Bly fokus op God se vermoë en nie op jouself of jou omstandighede nie.....	36
Dag 15 Moenie net óór die reus praat nie, praat mé t hom.	38
Dag 16 God het die vermoë om altyd sy doel en bestemming met jou te bereik.....	40
Dag 17 God het die mag om op meer as een manier te red of uitkoms te gee.....	43
Dag 18 God het die mag om op meer as een manier te red of uitkoms te gee.....	45
Dag 19 God het die mag om op meer as een manier te red of uitkoms te gee.....	46
Dag 20 God het die mag om op meer as een manier te red of uitkoms te gee.....	48
Dag 21 Aanvaar die gesag wat God oor jou gestel het.....	49
Dag 22 Aanvaar die gesag wat God oor jou gestel het.....	51
Dag 23 Wees geduldig en gebruik elke geleentheid om te leer en te groei	53



Dag 24	Wees geduldig en gebruik elke geleentheid om te leer en te groei	55
Dag 25	Wees geduldig en gebruik elke geleentheid om te leer en te groei	56
Dag 26	Moenie passief en traak-my-nie-agtig word nie. Dóén wat God sê!	58
Dag 27	Leef met integriteit!	60
Dag 28	Dink vooruit!	62
Dag 29	Dink vooruit!	64
Dag 30	Dis God se reg om te straf!	66
Dag 31	Pasop vir vergelykings!	68
Dag 32	Moet jou nie te veel steur aan wat mense van jou dink nie.	70
Dag 33	Moet jou nie te veel steur aan wat mense van jou dink nie.	72
Dag 34	As jy val, staan op!	74
Dag 35	As jy val, staan op!	77
DEEL 4 Oorwinning en sukses is die gevolg van sekerheid.		79
Dag 36	Oorwinning en sukses is die gevolg van sekerheid.	79
Dag 37	Die belangrikheid van jou identiteit, verhouding met God en roeping.	81
Dag 38	Die waarheid oor jou verhouding met God.	83
Dag 39	Die waarheid oor jou identiteit in Christus.	85
Dag 40	Die waarheid oor jou roeping.	87
Ander AMOS-publikasies om van kennis te neem		91



In jou sien God vir Hom 'n koning.

Inspirasie, Bemoediging en Lering

Die doel van hierdie 40-Dae Gebedsfokus is om jou te bemoedig en te inspireer. Boer is lekker, maar dis beslis nie maklik nie! Ons het nie net landbouvaardighede nodig nie. Elke landbouer het daagliks inspirasie en bemoediging nodig. Elkeen moet elke dag nuwe lewensvaardighede aanleer om al die uitdagings te bowe te kom en effektief te boer.

As jou kennis nie lewensvaardighede geword het nie, het jy nog niks geleer nie. Maar mense verander nie oornag nie. Ons denke moet eers verander, dan sal ons lewe verander. *Daarom is herhaling uiters belangrik.* Ons moet sekere dinge oor en oor hoor! Dit moet die oortuiging in ons hart word. *Die Boodskap* vertaal Spreuke 4:23 as volg: ***“Wees versigtig wat jy dink. Jou denke kan jou lewe ingrypend beïnvloed.”*** Lees ook die bekende Romeine 12:1-2.

Eerstens moet jy absoluut seker wees van:

- ✓ Jou **identiteit** in Christus;
- ✓ Jou **verhouding** met die Vader;
- ✓ Jou **roeping** in die lewe.

Die lewe gaan jou verniel as jy nie oor hierdie dinge seker is nie.

In jou sien God vir Hom 'n koning! Maar wat doen 'n mens as dit vir jou voel asof niks in jou lewe goed en reg uitwerk nie? Doen wat Dawid gedoen het! Daar is ten minste 15 praktiese lesse te leer uit sy optrede. Jy moet ook oor en oor na sy raad luister, anders gaan jy dit nie onthou en doen nie! Moenie dink dis genoeg om dit net een keer te lees nie. Mense glo *Vyf Rose* is tee, terwyl dit eintlik blomme is. Waarom? As gevolg van herhaling! Jy hoor oor en oor van *Vyf Rose* tee, en later glo jy dit is tee. Die assosiasie met tee word sterker as die assosiasie met blomme.

Ek glo die Gees gaan hierdie Gebedsfokus gebruik om jou te inspireer en te bemoedig. Mag jy ook ander inspireer en bemoedig. Stuur die Gebedsfokus elektronies aan jou vriende en familie. Koop nog 'n boekie of twee en gee dit as geskenk aan iemand wat dit werklik nodig het.

Mag ons nooit moeg word om vir mekaar te bid nie!

Hennie Viljoen
hennie.viljoen@amosafrica.net



10 Oktober - Kaalvoetdag

In AMOS is 10 Oktober jaarliks **Kaalvoetdag**. God beveel dikwels sy profete om iets ongewoon te doen om 'n spesifieke boodskap hard en duidelik by mense tuis te bring. (Bv. Esegïel 3:24; 4:1-4; 4:10-11; 5:1; 12:2-3; 12:18; 21:6; 24:15-16; 37:15-19; Jeremia 13:1-14; 16:1-4; 27:1-2; 32:1-44; Hosea 3).

Die doel van Kaalvoetdag is om jou gedurig te herinner dat ons op heilige grond, God se grond, in God se teenwoordigheid leef en boer. God se teenwoordigheid in die brandende bos het die grond geheilig waarop Moses gestaan het. Daarom moes hy sy skoene uittrek (Eksodus 3). Sedertdien het Christus aarde toe gekom en Hy word Immanuel genoem. Dit beteken: *God is by ons* (Matteus 1:23). Hy het ook die aarde met God versoen en dit deur sy offer en teenwoordigheid geheilig (Kolossense 1:19-20). Hy is elke dag met ons tot aan die einde van die wêreld (Matteus 28:20). **Oral leef en boer ons nou daagliks op heilige grond in God se direkte teenwoordigheid.** Om die hele dag daarvan bewus te bly, is lewensveranderend. Met my sagte, sensitiewe kaalvoete dink ek mooi waar ek loop en ek trap versigtig. Ek jaag nie net onnadenkend deur die dag nie. Dieselfde is van toepassing op my lewe in God se teenwoordigheid. Dit help my om sonde (doringe en skerp klippe) te vermy én dit is 'n geweldige troos en bemoediging. Hy is hier by my om my te dra, te help en te beskerm (Vgl. Josua 1:9; 2 Kronieke 16:9 en Matteus 28:20).

Dis ook 'n besondere getuïenis-geleentheid. Oral gaan mense vir jou vra: *Waarom loop jy kaalvoet?* Dit gee jou die geleentheid om aan die hand van bogenoemde teksverse te getuig. **Kaalvoetdag** is dus 'n geleentheid om mense te bemoedig en hulle daarop te wys dat hulle nie net in die kerk nie, maar oral in God se teenwoordigheid leef en boer.



Kom ons begin 'n
“*movement*”. Kom ons boer jaarliks kaalvoet op
10 Oktober!



Hoe om die meeste van die Gebedsfokus te maak.

Hou die volgende in gedagte om die meeste van hierdie gebedsgids te maak:

1. Beplan en organiseer

Benut elke bestaande gebedsgeleentheid. Skep ook nuwe geleenthede om gedurende dié tyd saam met ander mense te bid. Daar is baie moontlikhede, maar dit gaan nie vanself gebeur nie. Julle moet moeite doen en deeglik beplan. Dink aan die volgende:

- Jou persoonlike **stiltetyd**;
- Gebede **aan tafel** (*dis dié geleentheid waar mense vir die landbou kan en behoort te bid*);
- Met **invaltyd**, **uitvaltyd** of **gedurende middagete-uur** kan tyd aan gebed afgestaan word;
- Gebruik julle **bestaande kleingroepbyeenkomste**;
- Tydens **eredienste** kan 'n boer, boervrou, kind, plaaswerker of enige ander lidmaat gevra word om spesiaal vir die landelike en boerderygemeenskap in te tree;
- **Spesiale gebedsgeleenthede** (bidure), asook **halfnag- of deurnag-gebedswake** kan gereël word;
- Mobiliseer **bejaardes, kinders, vrouens, gebedsgroepe, ens.** om saam te bid.
- **Bemark** die *40-Dae Gebedsfokus op die Landbou* so wyd as moontlik. Benut die plaaslike koerante en radiostasies. Onthou, dié riglyne verskyn ook in Afrikaans en Engels op AMOS se tuisblad: www.amosafrica.net Dit mag vrylik gedupliseer word.

2. Lees die Skrifgedeeltes

Lees elke dag ten minste die Skrifgedeeltes wat bo-aan elke dagstukkie gegee word. Indien jy net lees wat in die boodskap staan, gaan jy min seën en groei ervaar. Onthou, die belangrikste is om die Gees die geleentheid te gee om deur die Woord aan die woord te kom.



3. Bely sonde

Al word dit nie spesifiek by elke dagstukkies genoem nie, is dit uiters belangrik om deurgaans aandag te gee aan die vier belangrike sake wat in **2 Kronieke 7:14** genoem word:

- Laat die Heilige Gees berou in jou bewerk;
- Bid en bely alle sonde waarvan die Gees jou oortuig;
- Vra na die wil van die Here en gehoorsaam dit;
- Draai terug van jou bose weë. Draai jou rug op alles wat in die lig van die Woord nie God se goedkeuring wegdra nie.

4. Gebedsriglyne

Die gebedsriglyne is nie wettiese voorskrifte nie. Dis net riglyne. Lees en oordink die gedeelte vir elke dag. Bid dan oor alles wat die Heilige Gees op jou hart plaas.

5. Kweek die dissipline om te vas en gehoorsaam te wees

Daar is verskeie goeie boeke op die mark oor vas en gebed. Lees dit gerus. Die 40-Dae Gebedsfokus is 'n ideale geleentheid om jou selfbeheersing en dissipline op te skerp. Jy kan soos Ester-hulle vir drie dae niks eet of drink nie (Ester 4:16), of soos Daniël en sy vriende net groente eet en water drink (Daniël 1:12).

Oorweeg dit om byvoorbeeld vir dié 40 dae te vas van iets waarvan jy baie hou: Drink geen koffie of Coke nie; eet geen lekkergoed of sjokolade nie; eet geen vleis of suiwel of brood nie. Jy kan ook besluit om nie 'n tweede bord kos te eet nie, geen tonikums te drink of ander stimulant te gebruik nie. Gebruik byvoorbeeld liever die tyd wat jy na 'n spesifieke TV-program sou kyk, om te bid. Daar is soveel moontlikhede. Dis belangrik om self by die Here te hoor wat jy/julle moet doen.

Dis nie net kos, TV, ensovoorts, wat ek en jy moet leer om soms te los nie. Ons moet leer om **altyd ons sonde en ongehoorsaamheid te los**. Ons moet vas van ons bose werke en breek met slegte gewoontes. Gebruik dus ook hierdie 40 dae om die dissipline van gehoorsaamheid aan te leer en in te oefen.



DEEL 1

Moeilike tye en omstandighede.

Slegte omstandighede kan jou so oorweldig dat jy verward, moedeloos en magteloos voel. Jy kan maklik perspektief verloor en verkeerde besluite neem. Jy het nou Goddelike perspektief en goeie raad nodig.

Dag 1

Ek voel oorweldig en bedreig!

Lees: Romeine 15:4; 2 Korintiërs 1:3-5; Hebreërs 10:36

Raad is volop, maar alle raad werk nie. Party klink goedkoop en ander is te goed om waar te wees. Sommige raadgewers weet nie waarvan hulle praat nie. Ander is so subjektief dat hulle nie goeie raad kan gee nie. Baie wil net hulleself ten koste van jou bevoordeel.

Nogtans het ons almal gedurig raad en bemoediging nodig. Die ou boer wat sukkel om tred te hou met verandering en nuwe uitdagings in die landbou; die jong boer wat teleurgesteld is omdat die boerdery saam met sy pa nie uitwerk nie; die landboustudent wat nie sonder aanvangskapitaal kan begin boer nie; die bruin en swart boer wie se ouers hulle grond verloor het en ongeduldig is om weer grond te kry; die man wat op meentgrond boer en rot en kaal bestee word; die kleinboer wat alles self moet doen en die groot boer wat die verwagtinge van baie personeel versigtig moet bestuur, en die plaaswerker wat 'n beter toekoms vir sy kinders begeer! Boere en landboueiers moet gedurig moeilike besluite neem. Almal soek raad en bemoediging!

Lees die volgende gebed van 'n boer. Kyk na al die uitdagings wat hy noem:

Here, ek wil my hart uitpraat. Boerdery is waaragtig nie meer speletjies nie. Ek voel soos 'n ou uitgestote springbokram in 'n jagkamp met baie jagters. Ek weet nie meer waarheen om te hardloop nie. Agter elke rantjie skuil 'n ander jagter. Elkeen met 'n ander roer. My hart klop bang in my keel: Hoe lank nog Here voor een van hierdie koeëls my tref? Wat



moet ek doen? Dis grondhervorming en waterbelasting; hoë insetkoste, stygende brandstofpryse en op-en-af-markpryse wat beplanning vrek moeilik maak; meganisasie en globalisering; arbeidswette en wapenwette; wisselkoerse en kontrakpryse; nuwe markte en baie skelms wat my wil inloop; duur voertuie, slegte paaie en wisselvallige elektrisiteitsvoorsiening; kontantvloei uitdagings. En dan is daar nog die billike verwagting van my personeel. Hulle moet tog ook die geleentheid kry om Jesus te leer ken. Hulle moet bemaatig word en enkeles behoort selfs hulle eie stukkie grond te kry. El Nino se spook loop nog en aardverwarming gaan glo ons klimaat in Suider-Afrika nog verder beduiwel. Boonop is my seuns op pad plaas toe in die verwagting dat daar ook nog vir hulle 'n toekoms in die boerdery is. En dit terwyl my buurman se plaas gister opgeveel is en twee van ons vriende verlede naweek in 'n plaasaanval dood is. Om my nog banger te maak, skree die doemprefete uit elke koerantberig dat my ore tuit. Waarhede, halwe waarhede en loutere snert word lustig op WhatsApps rondgestuur. Dit verwar my, ek weet nie meer wat om te glo nie. My hoop kwyn en my verwagting is besig om te sterf. Gaan ek ook gedwing word om my plaas te verkoop?

Vader, praat met my. Here, bemoedig my en gee my raad! Gees van God, kom lei my en leer my wat om te doen. Ek weet nie eers meer wat om te bid nie. Help my! AMEN.

Kom ons leer by Dawid, die veewagterboer van Betlehem: Hy is ook deur moeilike tye. Hy is in opdrag van die Here deur Samuel tot koning gesalf (1 Samuel 16:1 en vers 12-13). Hy was waarskynlik nie ouer as 20 nie. Hy het die belofte, opdrag én toerusting om koning te wees van die Here ontvang. Maar vir omtrent 10 jaar was daar geen sprake van 'n koninklike lewe nie. In dié tyd is hy beledig en bedreig. Hy was voortdurend in lewensgevaar en het talle ontberings gehad (1 Samuel 20:3 en 23:26, asook 27:1). Hy moes ten minste 10 jaar wag voordat hy op 30 koning van Juda geword het (2 Samuel 5:4). Hy het eers sewe en 'n half jaar later koning oor die hele Israel geword (2 Samuel 5:4-5; 1 Kronieke 29:27).

“Alles wat vooraf in die Skrif opgeteken is, is tog opgeteken om ons te leer sodat ons deur die standvastigheid en bemoediging wat die Skrif ons gee, vol hoop kan wees” (Romeine 15:4). Die moeilike jare in Dawid se lewe waarvan ons in die Bybel lees, bemoedig ons, maak ons standvastig en gee ons hoop.

Jy ken Dawid se verhaal. Maar soos ons nie weet wat die toekoms vir óns inhou nie, het Dawid ook nie vooraf die einde van sy eie storie geken nie. Hy moes tree vir tree in die geloof vorentoe beweeg totdat dit wat God gesê het, 'n werklikheid geword het (vgl. Hebreërs 10:36).



Dink, gesels, bid en luister:

1. Lees 1 Samuel 16:1 tot 2 Samuel 2:7. Dit sal jou baie help as jy 'n oorsig oor die hele verhaal het.
2. Hoe voel jy oor boerdery en jou toekoms in die landbou?
3. Wat dink jy het alles deur Dawid se gedagtes gegaan toe hy gevoel het dat niks vir hom "*uitwerk*" nie?
4. Waarom dink jy is Dawid se verhaal vir ons in die Bybel opgeteken?

Onthou:

Beweeg nou tree vir tree in geloof vorentoe totdat dit wat God oor jou gesê het, 'n werklikheid word!

Voorbidding:

- † Dank die Here dat Dawid se verhaal in die Bybel opgeteken is.
- † Vertel vir God hoe jy voel.
- † Bid vir iemand anders wat ook soos jy voel.
- † Vra dat die Here jou help om te volhard.



DEEL 2

Drie Konings (Dawid, Jesus en jy)

In moeilike tye en uitdagende omstandighede is daar 'n paar basiese dinge wat ek en jy altyd moet onthou:

- ✓ Wie is ek? Wat is my **identiteit**?
- ✓ Wat is my **verhouding** met God?
- ✓ Wat is my **roeping**?

Dawid en Jesus, die eerste twee konings waarna ons kyk, het 'n antwoord op hierdie vrae gehad. Maar, soos die titel van hierdie Gebedsfokus sê, sien God ook in jou 'n koning. Daarom moet jy ook God se antwoord op hierdie vrae verstaan. Kom ontdek dit saam met my!

Dag 2

Dawid is koning.

Lees: 1 Samuel 16:1

Voordat ons Dawid se verhaal lees, lees ons wat God *gesien* het! In 1 Samuel 16 stuur die Here die profeet Samuel na Betlehem toe, na die huis van Isai, want, sê Hy in vers 1, “... **onder sy seuns sien Ek vir My 'n koning.**” Lank voordat Dawid koning geword het, het God in hom 'n koning gesien. Hy het in Dawid 'n koning vir Homself gesien. God wil oor sy volk regeer. Maar Hy werk deur mense. Daarom het Hy vir Hom 'n koning gekies deur wie Hy kon regeer (vgl. 1 Kronieke 28:5). Niks en niemand kan dit wat God besluit, verhinder of ongedaan maak nie (Vgl. 1 Samuel 23:17 en Jesaja 46:9-11).

Vir God gaan dit oor **roeping, verhouding en identiteit**. Die woord “sien” word in ander vertalings as “**provided**” (voorsien) vertaal. “*For I have provided Myself a king among his sons*” (1 Samuel 16:1 NKJV). Dit dui op **roeping**. “*Vir My*” dui op 'n **verhouding** en “*koning*” op **identiteit**. Later meer hieroor (Dag 36 - 40).



Samuel het sekerlik meer as een keer vir Dawid vertel wat God daardie dag vir hom gesê het. In die moeilike jare na Dawid se salwing, het dié sekerheid van sy **verhouding** met God, sy **identiteit** en sy **roeping** hom staande gehou.

Dawid het nie net koning geword omdat hy Goliat doodgemaak het (1 Samuel 17) of Israel in oorlog aangevoer het nie (2 Samuel 5:1-2). Ander soldate het ook reuse verslaan (2 Samuel 21:15-22 en 1 Kronieke 20:4-8). Elganan het byvoorbeeld vir Lagmi, Goliat se broer, doodgemaak (1 Kronieke 20:5). Dawid het koning geword omdat God so besluit het. God, en nie mense of omstandighede nie, het Dawid se lot bepaal! Dit is die waarheid. Dit is ook nou van toepassing op elke kind van God!

Dink, gesels, bid en luister:

1. Dink na oor jou verhouding met God. Beskryf die verhouding.
2. Dink na oor jou nuwe identiteit in Christus. Weet jy wie jy werklik is?
3. Dink na oor jou roeping. Hoekom het die Here jou gemaak? Hoekom leef jy? Wat wil Hy hê moet jy doen (Efesiërs 2:10)?

Onthou:

Kennis van jou identiteit, verhouding met God en roeping is baie belangrik, veral in moeilike tye.

Voorbidding:

- † Praat met die Here oor jou verhouding met Hom.
- † Praat met Hom oor jou nuwe identiteit in Christus.
- † Bid oor jou roeping. Vra die Here wat sy doel met jou lewe is. Luister mooi en skryf dit neer! Pen en papier “*onthou*” beter as ek en jy.

Dag 3

Jesus is Koning.

Lees: Matteus 28:18; Filippense 2:5-11; Hebreërs 12:1-3

Kyk weer na Dawid se lewe. Ons weet dat hy, ten spyte van al die aanslae en bedreigings, koning geword het. God, en nie mense of omstandighede nie, het sy toekoms bepaal. Ons weet ook dat hy ’n goeie koning was en vir 40 jaar regeer het (1 Kronieke 29:27). Dié wete inspireer en bemoedig



ons. Ons word nie op hol gejaag deur elke terugslag wat Dawid ervaar het nie, want ons weet wat die uiteinde is.

Ons weet vandag meer as net dat Dawid vir 40 jaar oor Israel regeer het. *Ons weet* ook dat die belofte wat God aan hom gegee het, naamlik dat een uit sy nageslag vir altyd op sy troon sal sit, in Christus vervul is (Handelinge 2:29-36). *Ons weet* dat Jesus uit Dawid se nageslag gebore is (Lukas 3:31-32). Dat Hy deur sy volmaakte gehoorsaamheid, sterwe en opstanding vir ons sonde betaal en versoening tussen ons en God gebring het (Romeine 4:25 – 5:1). *Ons weet* dat Jesus die Bose oorwin, ontwapen en skadeloos gemaak het (Kolossense 2:14-15; Hebreërs 2:14-15). Deur swaarkry, pyn en skande het Hy volhard totdat dit wat God oor Hom gesê het, 'n werklikheid geword het (Filippense 2:5-11 en Hebreërs 5:7-10 en 12:2-3). *Ons weet* dat Jesus vir ewig Koning is en dat alle mag aan Hom behoort (Matteus 28:18; Efesiërs 1:19-23; 1 Korintiërs 15:24-28; Openbaring 1:4-5). *Ons weet* Jesus is die Oorwinnaar! Hy is Koning vir ewig!

Maar Hy is nie net 'n koning nie. Hy is ook my en jôu Koning! Hy het 'n verhouding met my en ek met Hom. Luister wat sê God in sy Woord:

- ✓ Ek is een met die Koning (Romeine 6:11 en Kolossense 2:9-10).
- ✓ Hy bly in my en ek bly in Hom (Johannes 15:5 en 1 Johannes 2:2 - 3:1).
- ✓ Ek is 'n lid van sy liggaam (1 Korintiërs 12:27).
- ✓ Ek is gesalf met sy Gees (1 Johannes 2:20 en 27).
- ✓ Ek heers reeds saam met Hom (Efesiërs 2:6).
- ✓ In Hom is ek reeds meer as 'n oorwinnaar (Romeine 8:37).
- ✓ Ek is saam met Hom 'n erfgenaam van al God se beloftes (Romeine 8:17).
- ✓ Ek is bestem om gelykvormig te wees aan sy beeld (Romeine 8:29).

Jesus is dus nie net Koning nie, Hy is my Koning. Hy het my lief en dra my belange op die hart. My saak is sy saak. Ek is veilig. Omdat ek weet Wie Hy is en wie ek in Hom is, is ek nie bang nie. Ek weet dat die geveg verby is. Hy is as Wenner gekroon. Daarom raak ek nie moedeloos nie. Ek gooi nie tou op nie. Ek sal aanhou totdat dit wat Hy oor my gesê het, nie net waar is nie, maar ook 'n werklikheid word.

Daarom is dit nie net koning Dawid se verhaal wat my bemoedig en inspireer nie. Dis ook die verhaal van die Nakomeling van Dawid, Koning Jesus, wat my staande hou! Omdat Hy in my leef, sien ek kans vir môre (Filippense 4:13 en 1 Johannes 4:4).



Dink, gesels, bid en luister:

1. Weet jy net ván Jesus, of kén jy Hom? Besef jy Wie Hy is? Glo jy dat Jesus is Wie die Woord sê Hy is? (Vgl. Romeine 10:9 en 1 Johannes 2:22-23).
2. Memoriseer Kolossense 2:14-15.
3. Hoe voel jy as jy lees dat Jesus réeds die Bose oorwin het? Dat Hy oor die konings en regeerders van die aarde heers?

Onthou:

My en jou Koning is op die troon. Niks en niemand is vir Hom 'n bedreiging nie. Ons omstandighede is nie vir Hom onhanteerbaar nie. Hy regeer! Hy is goed en Hy het ons lief (Romeine 8:31-39). Halleluja!

Voorbidding:

- † Bid dat mense sal glo dat Jesus is Wie die Woord sê Hy is: Die Seun van God wat deur sy sterwe en opstanding die Bose oorwin het.
- † Aanbid Hom wat op die Troon sit en ewig Koning is!

Dag 4

Jy is 'n koning.

Lees: 1 Samuel 16:1; Openbaring 5:10-11; 1 Petrus 2:9-10

In 1 Samuel 16 stuur die Here die profeet Samuel na Isai se huis in Betlehem, want, sê Hy in vers 1, **"...onder sy seuns sien Ek vir My 'n koning."** Hóé God Dawid gesien het, is wat Dawid geword het! Niks en niemand kon dit verhinder nie.

Nou is die vraag: Hoe sien God my en jou? Wat sê Hy oor ons? Waarvoor het Hy ons bestem? Wanneer dit met ons swaar gaan en dit voel of ons lewe in duie stort, móét ons 'n duidelike antwoord op dié vrae hê.

As Dawid se verhaal by hom geëindig het, sou ons nooit hierdie vrae kon beantwoord nie. Maar dit het nie by Dawid geëindig nie. God se belofte aan Dawid is in Jesus vervul. Hy heers nou vir ewig as Koning.



Jesus het die manier waarop God na my en jou kyk, vir altyd verander. Hy het deur sy bloed mense uit elke stam en volk, taal en nasie vir God losgekoop (Openbaring 5:10-11). Hy het hulle verhouding met God volledig herstel (Romeine 5:1). Hy het sy volmaakte verhouding met die Vader vir hulle as geskenk gegee (1 Korintiërs 1:30-31). Daarom sien God Jesus wanneer Hy na ons kyk. In my en jou sien Hy vir Koning Jesus.

Maar meer as dit! Koning Jesus het nie net ons skuld betaal, ons verlos en in 'n nuwe verhouding met God geplaas nie (Romeine 5:1). Hy het ons 'n nuwe identiteit en roeping gegee. Hy ***"het ons konings en priesters vir onse God gemaak, en ons sal as konings op die aarde heers"*** (Openbaring 5:11 in die 1953-Afrikaanse Vertaling. Vgl. ook Openbaring 1:5-6; 5:10-11; 20:4 en 6; 1 Petrus 2:9; 1 Korintiërs 6:2-3;). Die Koning het óns konings gemaak!

Dis nie nét Dawid wat bestem was om koning te word nie. God het my en jou ook bestem om konings te wees. Daarom het Hy sy Seun gestuur. Deur sy offer het Hy ons konings gemaak.

Wanneer jy in donker omstandighede is en jy begin bang word vir al die geskree en geraas om jou, moet jy onthou hoe God jou sien. Onthou wie jy is! Jesus het jou 'n koning gemaak! Hy bepaal jou toekoms. Jy het 'n koninklike toekoms, 'n *"royal future"*! Niks kan dit verander nie!

Ek en jy is opgewasse teen die reuse wat ons bedreig, want die Koning het oorwin! Hy het die bese reuse 'n nekslag toegedien! Soos Dawid die kop van Goliath vir koning Saul gaan wys het (1 Samuel 17:57), het Jesus, nadat Hy Satan en al sy bese magte aan die kruis oorwin het, hulle in 'n triomftog vir die hele wêreld gewys. Hy het hulle as verloorders ten toon gestel (Kolossense 2:15).

Jesus het die bordjies vir altyd verhang. Die Bese wat ons oorheers en verdruk het, het Hy verloorders gemaak. En ons wat oorheers en verdruk is, het Hy konings gemaak. Halleluja!

Dink, gesels, bid en luister:

1. Waarom is jy vreesbevange? Jy het 'n toekoms (Jeremia 29:11).
2. Waarom voel jy soos 'n weeskind? Jy het 'n Vader (Romeine 8:14-16).
3. Waarom voel jy soos 'n stiefkind? God is jou Vader en Jesus noem jou sy broer/suster (Hebreërs 2:11 en Romeine 8:29).
4. Waarom voel jy nikswerd? Hy het jou gekies om vir Hom 'n koning te wees (Openbaring 5:10).
5. Waarom voel jy magteloos? Jy is 'n koning.



Onthou:

God sien in jou vir Hom 'n koning! In en deur jou wil Hy sý heerskappy in hierdie wêreld utoefen. Jy is nie magteloos nie. Jou werklike vyand is lankal oorwin. Jou toekoms is lankal bepaal. Jy is bestem om te heers (vgl. Genesis 1:26; Psalm 8:4-9 en Openbaring 5:10). Jy is 'n koning vir Hom!

Daarom moet jy in 'n intiem-persoonlike verhouding met God leef!

Voorbidding:

- † Bid vir álmal wat in vrees lewe.
- † Bid vir Christene wat soos weeskinders en stiefkinders voel.
- † Bid vir Christene wat magteloos voel en soos verloorders optree.
- † Praat met die Here oor die toekoms wat Hý vir jou beplan.



DEEL 3

Praktiese lesse te leer uit die lewe van koning Dawid.

'n Mens kan baie uit iemand se biografie leer. As dié persoon dieselfde werk as jy gedoen het; dieselfde omstandighede as jy ervaar het en boonop nog dieselfde roeping as jy gehad het, is dit nog meer waardevol en inspirerend.

Daarom is die verhaal van Dawid, die skaapwagter-boer wat God liefgehad het; die een wat gesalf en bestem was om koning te word, maar wat vir jare niks van 'n koninklike lewe ervaar het nie, vir my so leersaam.

Ek leer by Dawid wat om te doen wanneer my identiteit as koning misken word. Wat om te doen wanneer my roeping en my daaglikse ervaring lynreg teenoor mekaar staan. Wat om te doen wanneer dit voel asof die God wat ek liefhet, van my vergeet het.

Dawid se voorbeeld inspireer my om soos 'n koning te leef. *Christus in my* stel my in staat om dit reg te kry.

1. Bly leef in 'n intiem-persoonlike verhouding met God.
2. Kry 'n vriend wat jou kan bemoedig in jou vertroue op God.
3. Bly fokus op God se vermoë en nie op jouself of jou omstandighede nie.
4. Moenie net óór die reus praat nie, praat met hom!
5. God het die vermoë om altyd sy doel en bestemming met jou te bereik.
6. God het die mag om op meer as een manier te red en uitkoms te gee.
7. Aanvaar die gesag wat God oor jou gestel het.
8. Wees geduldig en gebruik elke geleentheid om te leer en te groei.
9. Moenie passief en traak-my-nie-agtig word nie. Dóén wat God sê.
10. Leef met integriteit.
11. Dink vooruit.
12. Dis God se reg om te straf.
13. Pasop vir vergelykings.
14. Moet jou nie te veel steur aan wat mense van jou dink nie.
15. As jy val, staan op!



Dag 5

Bly leef in 'n intiem-persoonlike verhouding met God.

(Les 1: Deel 1 van 6: 'n Man na God se hart.)

Lees: 1 Samuel 13:13-14 en 1 Samuel 16:1 en 13; Handeling 13:22

Die Here het Saul verwerp omdat hy ongehoorsaam was. God het gesê Hy sal vir Hom 'n man na sy hart soek. Onder die seuns van Isai het Hy dié man gevind: Dawid, die skaapwagter en boer.

In die Bybel word verskeie mense se verhouding met God op verskillende maniere beskryf. Moses en Abraham word vriende van God genoem (Eksodus 33:11; Jesaja 41:8; Jakobus 2:23) en die profeet Elisa die man van God (2 Konings 4:27 en 40; 5:8 en 15; asook 7:2 en 17).

In die Nuwe Testament word elkeen wat in Jesus glo, 'n kind van God (Johannes 1:12), 'n vriend van Jesus (Johannes 15:14-15) en 'n Christen (Handeling 11:26) genoem.

Dawid was 'n man na God se hart (1 Samuel 13:14; Handeling 13:22). In Matteus 3:17 sê die Vader van Jesus: ***“Hy is my geliefde Seun, 'n Kind so na my hart”*** (NLV). *“Man na God se hart”* en *“Kind so na my hart”* dui beslis op 'n intiem-persoonlike verhouding wat beide Dawid en Jesus met God gehad het.

Hoe sal God jou verhouding met Hom beskryf? Hoe beskryf ander mense jou verhouding met God? 'n Vriendin van ons het haar broer beskryf met *“Hy loop op die water”*. 'n Vriend het sy swaer beskryf met *“Hy leef gevaarlik gehoorsaam aan die Here.”* Ek het al gehoor dat iemand sê: *“Hy boer voor die Troon”* en *“Sy leef op Vader se skoot”*. Wow! Is dit nie pragtige maniere om iemand se persoonlike verhouding met God te beskryf nie?

Dink, gesels, bid en luister:

1. Staan jy bekend as 'n kind van God? Kan ander hoor en sien dat jy 'n goeie vriend van Jesus is? Is jy elke dag van die week 'n Christen – 'n volgeling van Jesus (Handeling 4:13)?



2. Hoe dink jy sal ander jou verhouding met God beskryf? Jy onthou hopelik wat Jesus gesê het: **"As julle mekaar liefhet, sal almal weet dat julle dissipels van My is"** (Johannes 13:35).
3. Hoe lyk jou stiltetyd? Maak jy gereeld genoeg tyd om Bybel te lees en te bid?
4. Indien jy nie in 'n intiem-persoonlike verhouding met God leef nie, wat gaan jy daaromtrent doen?

Onthou:

Bly leef in 'n intiem-persoonlike verhouding met God, hoe donker jou omstandighede ook mag wees.

Voorbidding:

- † Die visie van *Amos Agrimin* is: *Living and Farming God's Way*. Bid dat almal op elke plaas met die mond sal bely en met hulle lewe sal getuig dat Christus die Here en Koning op hulle plaas is.
- † Bid dat landbouers in 'n intiem-persoonlike verhouding met God sal leef.
- † Bid dat alle landbouers (mans en vroue / werkgewers en werknemers) wat hulleself Christene noem, genoeg tyd aan Bybelstudie en gebed sal afstaan om in 'n intieme verhouding met God te bly leef.
- † Bid spesifiek vir die bekering van landbouers wat nog nie 'n persoonlike verhouding met Jesus het nie.
- † Bid vir landboueiers se verhouding met die Here.

Dag 6

Bly leef in 'n intiem-persoonlike verhouding met God.

(Les 1: Deel 2 van 6: Ervaringskennis)

Lees: 1 Samuel 17:31-37

Dawid het 'n intiem-persoonlike verhouding met God gehad. Hy het dikwels ervaar hoe die Here hom beskerm en sy lewe gered het. Hy het dit as jong skaapwagter ervaar en ook toe Saul hom probeer doodmaak het. Dawid getuig en sing daarvan in Psalm 18, 52, 54, 57 en 63. Jy móét dit lees! Hy jubel oor die hulp en beskerming van die Here. Dawid het uit



ervaring geleer dat hy altyd op God kan vertrou, ook wanneer hy in doodsgevaar is.

Om vandag te boer, het jy meer as net hoorsê-kennis van God nodig. Dis nie genoeg om net in die Bybel te lees van wonders wat die Here destyds gedoen het nie. Ook nie om net te luister na die getuienis van ander Christene nie. Jy het ervaringskennis van God nodig as die *“Goliats”* wat voor jou kom staan baie groter en sterker as jy lyk en jou magteloos laat voel. Alles wat jou intimideer, jou toekoms ondermyn en jou lewe bedreig: hoë insetkoste; droogte; misoeste; plaasaanvalle; grondhervorming; hael; diefstal; ens. Dan moet jy, soos Dawid, terugdink aan dié kere wat die Here jou gehelp, gered en beskerm het. Ek het op ’n nuwejaarsdag ’n boer van Ficksburg oor die radio hoor sê: *“As die Here ons nie hierdie jaar deurdra nie, sal dit die éérste keer wees!”* Dis duidelik dat hierdie boer jare se ervaringskennis van God het. Daarom kon hy die nuwe jaar met geloof en moed aanpak.

Hou ’n stiltetydjoernaal. Ons vergeet so maklik wat God alles in ons lewe doen. Onlangs, toe ons belangrike besluite in ons boerdery moes neem, het ek weer deur al my aantekeninge gelees. Om te lees wat God alles gesê en vir ons gedoen het, hoe Hy oor jare ons gebede verhoor en ons gehelp het, het my geloof versterk. Dit het my gehelp om op grond van my ervaringskennis van God ’n besluit te neem; nie op grond van die *“reuse”* wat ons soos Goliat aanhoudend intimideer nie (1 Samuel 17). Sonder ervaringskennis van God kan jy maklik, soos koning Saul en die soldate, moedeloos word wanneer *“Goliat”* voor jou staan (1 Samuel 17:11, 24 en 32).

Dink, gesels, bid en luister:

1. Wanneer mense nie in ’n intiem-persoonlike verhouding met God leef nie, hoor hulle net wat ander getuig. Hulle beleef nie self sy wonders nie. Hulle gebrek aan ervaringskennis van God laat hulle dan met vrees en moedeloosheid lewe.
2. Vertel vir iemand wat God reeds in jou lewe gedoen het. As jy sukkel om aan iets spesifiek te dink, vra vir jouself: Waarom kan ek nie aan iets dink nie? Skort daar iets in my verhouding met die Here?

Onthou:

Bly leef in ’n intiem-persoonlike verhouding met God. Dan sal jy ervaringskennis van God opbou. Hoe beter jy Hom leer ken, hoe makliker sal jy op Hom kan vertrou wanneer alles donker word om jou.



Voorbidding:

- † *Amos Agrimin* se missie is die herstel en bou van die landelike en boerderygemeenskap se verhouding met God, mense en die skepping. Bid dat dié verhoudinge herstel sal word. Elke persoon moet die geleentheid kry om 'n persoonlike verhouding met Jesus Christus te hê. Elkeen moet geleer word om volgens Bybelse waardes en norme te leef.
- † Dikwels staan landbouers voor 'n “*Goliat*” wat hulle bang maak, uittart en verkleineer. Dit ondermyn hulle geloof. Bid dat hulle geloof nie sal wankel nie.
- † Bid dat Christen-landbouers in moeilike tye die wonders wat God doen, sal ervaar en dat dit hulle geloof sal versterk. Bid dat hulle ervaringskennis van God sal toeneem.
- † Bid vir die redding van leiers in die landbousektor.

Dag 7

Bly leef in 'n intiem-persoonlike verhouding met God.

(Les 1: Deel 3 van 6: Raadpleeg die Here)

Lees: 1 Samuel 22:10 en 15; 23:1-12 en 30:7-8

Dawid het 'n intiem-persoonlike verhouding met die Here gehad. Daarom het hy Hom dikwels geraadpleeg. Omdat die Here weet wat in die toekoms gaan gebeur, kan Hy die beste raad vir mense gee. Dawid het dit geweet (1 Samuel 23:10-11).

Dis altyd makliker om besluite te neem as jy weet wat die toekoms inhoud. Net die Here, die God van die Bybel, ken die toekoms. Dit gaan jou nie help om waarsêers of geeste van dooie mense te raadpleeg, of om te probeer bepaal wat die sterre voorspel nie. Dit sal jou toekoms vernietig (Jesaja 8:19-22; 44:24-26; 47:12-15). Dit bring net ellende en geen voordeel nie.

'n Mens kan jouself maklik bedrieg. Soms glo jy dat iets die wil van die Here is, maar dit is eintlik jou eie planne en idees. Daarom is dit goed om, soos Dawid, ook die raad van ander mense wat 'n intiem-persoonlike verhouding met God het, te vra (1 Samuel 22:10 en 15; asook Spreuke 12:15).



As jy dus belangrike besluite moet neem oor jou en jou kinders se toekoms, vra raad by die Here. Vra mense wat naby die Here lewe om saam met jou oor dié sake te bid en te hoor wat die Here se wil is.

Dink, gesels, bid en luister:

1. Op grond waarvan neem jy besluite? Vra jy werklik die Here se raad omdat net Hy die toekoms ken? Of laat jy jou lei deur sensasionele media-berigte; die vreesaanjaende uitsprake van swartgallige doemprofete; negatiewe en rassistiese WhatsApp-boodskappe of die onseker voorspellings van die weer en markpryse?
2. Wie gee jou raad? Hoe betroubaar is dié raad? Onthou: *"Die mening van die regverdiges kan die toets van die reg deurstaan, maar die slim raad van goddeloses is onbetroubaar"* (Spreuke 12:5). Die raad wat jy kry is net so betroubaar soos die persoon by wie jy dit kry!
3. Het die mense wat vir jou raad gee 'n intiem-persoonlike verhouding met God? Wil hulle jou regtig help om in alles aan God gehoorsaam te wees?

Onthou:

Bly leef in só 'n intiem-persoonlike verhouding met God dat jy kan agterkom wanneer Hy jou goeie en praktiese raad gee.

Voorbidding:

- † God se boer, saam met God se mense, op God se grond, tot God se eer. Bid hiervoor en streef daarna.
- † Bid dat landbouers in 'n intiem-persoonlike verhouding met God sal leef.
- † Bid dat landbouers altyd na die wil van die Here sal vra. Bid dat hulle sy stem sal ken. Bid dat die Heilige Gees hulle in alles sal lei.
- † Bid vir almal wat aan landbouers raad gee: landbounavorsers en dosente; mentors; landbouvoorligters; ouditeure en bank-bestuurders; verteenwoordigers van maatskappye wat produkte aan die landbou voorsien; ens. Bid dat hulle ook naby die Here sal leef en betroubare raad sal gee.
- † Bid vir skrywers en redakteurs van landboutydskrifte en koerante. Hulle is belangrike meningsvormers en baie landbouers luister na hulle.



Dag 8

Bly leef in 'n intiem-persoonlike verhouding met God.

(Les 1: Deel 4 van 6: Onderskeidingsvermoë)

Lees: 1 Samuel 24:1-8 en 26:7-13; Johannes 10:3-4

Ons lees van nog 'n bewys van Dawid se intiem-persoonlike verhouding met die Here. Dawid is in opdrag van die Here deur Samuel tot koning gesalf (1 Samuel 16:1 en 13). Saul het bang geword vir Dawid, want hy het gesien dat die Here by Dawid is en dat hy daarom suksesvol is (1 Samuel 18:12-15 en 18:28 tot 19:1). Saul het toe probeer om Dawid dood te maak (1 Samuel 19:1).

Maar Dawid het onverwags 'n geleentheid gekry om vir Saul dood te maak. Die mense by Dawid het gesê: *“Dawid, die Here gee Saul in jou hand, maak hom dood.”* Maar Dawid het geweet dat dit nie God se wil was nie omdat hy 'n intiem-persoonlike verhouding met God gehad het. Dit was 'n toets vir sy karakter en 'n versoeking van Satan. Daarom het hy gesê: *“Mag die Here my daarvan bewaar ...”*

In elke vorm van lyding is daar 'n versoeking. Die duivel is nie tevrede dat ek en jy net ly nie. Hy wil óók hê dat ons in ons lyding teen God moet sondig. Daarom klink sommige raad en advies van mense vir ons goed en reg. Maar dikwels is dié raad nie die wil van die Here nie. Dis 'n versoeking van die duivel.

Jy sal net kan onderskei tussen God se raad en die versoeking van die duivel as jy 'n intiem-persoonlike verhouding met die Here het. Wees dus versigtig. Moenie mense se raad blindelings volg nie. As Dawid dit gedoen het, sou hy vir Saul doodgemaak het en sou hy in die strik van die duivel getrap het.

Dink, gesels, bid en luister:

1. Besef jy dat elke situasie van lyding ook 'n versoeking is om ongeduldig te word, oneerlik te wees, krag en geweld te gebruik of die reg in eie hande te neem? Bid jy nog dat die Here jou van al dié versoekings sal bewaar? (1 Samuel 24:6-7). Bid: *“Bewaar my asseblief teen die Satan, die wêreld en my eie sondige natuur.”*
2. In hierdie uitdagende tye is daar baie raadgevers. Hulle raad en advies klink in die lig van omstandighede dikwels mooi en reg. Soms



word dit selfs as die wil van die Here aan jou voorgehou (1 Samuel 24:5). Maar is dit? Hoe seker is jy dat dit in ooreenstemming is met “*God’s Word, God’s Will and God’s Way*”? Is jou verhouding met God intiem-persoonlik genoeg om te weet wanneer dit God se wil is en wanneer nie?

Onthou:

Bly leef in ’n intiem-persoonlike verhouding met God sodat jy kan onderskei tussen dit wat reg lyk, maar eintlik ’n versoeking van Satan is, en dit wat wêrklik die wil van God is.

Voorbidding:

- † God mag nie tot geestelike en godsdienstige sake beperk word nie. Landbouers moet 24 uur van elke dag in ’n intieme verhouding met Hom leef. Hulle moet alles *God’s Way* doen.
- † Landbouers worstel met baie vroe en ervaar talle probleme. Bid dat hulle nie sal toegee aan versoekings wat daarmee gepaard gaan nie. Bid veral teen die versoeking om dinge met krag en geweld reg te maak; die reg in eie hande te neem; kwaad met kwaad te vergeld of om oneerlik te wees.
- † Bid en vra die Vader om boere met geloof, geduld en goddelike wysheid te sien.
- † Bid dat kommersiële boere in en deur Christus ’n intieme verhouding met God sal hê. Hulle is die rolmodelle vir duisende jong boere.

Dag 9

Bly leef in ’n intiem-persoonlike verhouding met God.

(Les 1: Deel 5 van 6: Sensitiewe gewete)

Lees: 1 Samuel 16:13 en 24:5-6; Romeine 9:1; Handeling 23:1 en 24:16; 1 Timoteus 1:19; 2:8 en 4:2. Lees ook 2 Petrus 2:7-8.

Nadat Dawid as koning gesalf is, het die Gees van die Here kragtig in hom begin werk. Die Gees het sy gewete sensitief gemaak om hom dadelik te waarsku as hy iets verkeerd doen. Dit het hom dadelik gepla toe hy die punt van Saul se mantel afsny. (Ongelukkig het Dawid jare later ook sy gewete onderdruk toe hy vir Batseba sien bad het. Ons kom terug hierna by Dag 34-35.)



Vandag is dit anders. Min mense luister nog na hulle gewete. Hulle lieg en bedrieg; pleeg onreg en buit ander uit; steel en moor sonder dat dit hulle pla. Om te skinder, te vloek en kwaad te praat, pla baie mense glad nie. Omkopery en oneerlike besigheid word as “*goeie sakevernuf*” geprys. Om te veel te drink het sosiaal aanvaarbaar geword – vra net iemand anders om jou huis toe te neem.

Jou gewete sal alleen sensitief wees as jy 'n intiem-persoonlike verhouding met God het. Uit bogenoemde Skrifgedeeltes is dit duidelik dat Paulus 'n skoon en sensitiewe gewete gehad het. Hy het Christene aangemoedig om nie hulle gewete te onderdruk nie omdat dit baie slegte gevolge het. Christus het ons deur sy bloed gereinig van 'n skuldige gewete (Hebreërs 10:22). Maar Hy het nie ons gewete toegeskroei nie! As jou gewete jou selde of ooit waarsku as jy iets verkeerd doen, is dit waarskynlik reeds stilgemaak omdat jy nooit daarna luister nie. Dan moet jy weer ondersoek instel na jou verhouding met God (2 Korintiërs 13:5). Hoe intiem en persoonlik is dit?

Tye in die landbou is moeilik. Daarom kan jy jou maklik verontskuldig in alles wat jy doen. Jy luister nie meer na jou gewete nie. Later sal jou gewete jou glad nie meer pla nie. Sonde sal dan die oorhand oor jou kry. Jy sal al erger en leliker dinge begin doen, sonder om sleg te voel daaroor. Jy is gewaarsku!

Dink, gesels, bid en luister:

1. Het jy 'n sensitiewe gewete? Hoor jy as die Gees van die Here jou bewus maak van sonde in jou lewe?
2. Hoe sensitief is jou gewete? Pla dit jou as jy liefdeloos optree en mense vloek? Pla dit jou as jy lieg vir een of ander finansiële voordeel? Glo jy nog dat sekere dinge reg en ander verkeerd is? Of is alles maar reg?
3. Vir baie Christene is dit nie verkeerd om die huwelik as 'n eksklusiewe (een man / een vrou) en permanente (tot die dood) instelling van God te ondermyn nie. Hulle gewete is afgestomp. Dit pla hulle nie om grappe oor huweliks-ontrou en seksuele losbandigheid te vertel en daarvoor te lag nie. Hulle dink nie aan die skrikwekkende gevolge as niemand later meer wil trou nie. Hulle dink nie aan die duur prys wat Christus vir ons seksuele sondes betaal het nie. Hoe kan iets wat sy bloed gekos het, vir ons snaaks wees?
4. Waaroor spreek jou gewete jou vandag aan? Wat gaan jy daaromtrent doen? Gaan jy dit ignoreer of gaan jy iets daaraan doen?



Onthou:

Bly leef in 'n intiem-persoonlike verhouding met God sodat die Heilige Gees jou gewete sensitief kan maak. Dit sal keer dat jy nie mettertyd in sonde en ellende verstrengel raak nie.

Voorbidding:

- † Bid dat landbouers in 'n *intiem-persoonlike* verhouding met God sal bly leef.
- † Vra dat die Here jǒú én die landelike en boerderygemeenskap teen gewetenlose mense sal beskerm.
- † Bid dat landbouers sensitief sal wees vir wat reg en wat verkeerd is. Bid dat hulle na hulle gewete sal luister.
- † Bid dat Christene in ooreenstemming met Bybelse waardes en norme sal leef.

Dag 10

Bly leef in 'n intiem-persoonlike verhouding met God.

(Les 1: Deel 6 van 6: Jesus in jou en jy in Hom)

Lees: Johannes 15:4-7; 2 Korintiërs 13:5 en Kolossense 1:27

God het vir Abraham gesê: ***Wandel voor my aangesig*** (Genesis 17:1b – 1953-Afrikaanse Vertaling). Abraham het dit gedoen (Genesis 24:40). 'n Ander vertaling sê: ***Lewe naby My*** (Genesis 17:1b – 1983-Afrikaanse Vertaling). Dit dui op 'n intiem-persoonlike verhouding tussen Abraham en God.

Maar wanneer Jesus die intiem-persoonlike verhouding tussen ons en Hom beskryf, sê hy: ***“Julle moet in My bly en Ek in julle. 'n Loot kan nie uit sy eie vrugte dra as hy nie aan die wingerdstok bly nie; en so julle ook nie as julle nie in My bly nie. Ek is die wingerdstok, julle die lote. Wie in My bly en Ek in hom, dra baie vrugte, want sonder my kan julle niks doen nie. As iemand nie in My bly nie, word hy weggegooi soos 'n loot en hy verdroog. Die mense maak sulke lote bymekaar en gooi dit in die vuur en dit verbrand. As julle in My bly en My woorde in julle, vra dan net wat julle wil hê,***



en julle sal dit kry. My Vader word juis daardeur verheerlik dat julle baie vrugte dra en my dissipels is" (Johannes 15:4-8).

In 1 Korintiërs 3:16 en 6:19 lees ons dat die Heilige Gees in God se kinders woon. Hulle is die tempel van die Heilige Gees. In Romeine 8:9b-10 lees ons: **"As iemand die Gees van Christus nie het nie, behoort hy nie aan Christus nie. Omdat Christus in julle is, gee die Gees aan julle die lewe op grond van God se vryspraak, hoewel die liggaam vir die dood bestem is as gevolg van die sonde."**

Die kern van die Evangelie word in Kolossense 1:27 saamgevat: Christus in ons! Sonder Christus in my, het ek geen hoop op die ewige lewe nie. Daarom skryf Paulus aan die Korintiërs dat hulle dié toets moet slaag: Is Jesus Christus in hulle? As Christus nie in hulle is nie, slaag hulle nie die toets nie (2 Korintiërs 13:5).

Ek wil nie weet of jy aan 'n kerk behoort nie. Ek wil nie weet hoe godsdienstig jy is en watter godsdienstige rituele vir jou belangrik is nie. Ek wil nie weet oor watter sake jy 'n sterk standpunt het nie. Ook nie hoe goed jy die kerkleier ken of hoe groot jou bydrae aan die kerk is nie. Hoe groot en sterk jou ouers, familie of vriende se geloof is, gaan jou nie baat nie. Die belangrike vraag is: Woon Christus deur sy Gees in jou? Bly jy deur geloof, liefde en gehoorsaamheid in Hom? Dít is die intiem-persoonlike verhouding wat jy móét hê. Dít is die verhouding wat jy in krisistye nodig het.

Dink, gesels, bid en luister:

1. Lees weer Kolossense 1:27. Verstaan jy wat die kern van God se goeie boodskap is?
2. Hoe verskil die lewe van mense wat net godsdienstig is, van dié wat 'n intiem-persoonlike verhouding met God het? (Lees Johannes 17:21-23).
3. Waarom het jy *Christus in jou* nodig om 'n lewe van oorwinning te leef?
4. Dink weer oor die ses sake wat hier genoem is. Antwoord die vrae:
 - 4.1 Het jy God lief? Is jy 'n *kind na sy hart*?
 - 4.2 Het jy *ervaringskennis* van God, of net teoretiese kennis?
 - 4.3 *Raadpleeg* jy die Here voor jy besluite neem?
 - 4.4 Het jy die vermoë om *tussen reg en verkeerd te onderskei*?
 - 4.5 Het jy 'n *sensitiewe gewete* wat deur die Gees gelei word?
 - 4.6 Leef *Jesus in jou* en jy in Hom?



5. Indien jy nie 'n intiem-persoonlike verhouding met God het nie, wat gaan jy daaromtrent doen?

Onthou:

As ek praat van 'n *intiem-persoonlike verhouding met God*, bedoel ek dat Jesus deur sy Gees in jou moet bly, en dat jy deur geloof, liefde en gehoorsaamheid in Hom moet bly.

Voorbidding:

- † Praat met die Here oor jou persoonlike verhouding met Hom.
- † Bid dat jou familie en vriende, jou werkers en/of jou werkgewers, almal die geleentheid om Jesus Christus aan te neem, sal aangryp. Bid dat hulle dan werklik in 'n intiem-persoonlike verhouding met Hom sal leef.
- † Bid by die naam vir mense wat 'n krisis beleef, maar in wie die Oorwinnaar (Koning Jesus) nie woon nie. Bid dat hulle na Hom sal roep en Hom sal aanneem wanneer Hy hulle uitgehelp het (Psalm 50:15).



Bestel “Die Goeie Nuus” by Amos Agrimin deur ’n epos te stuur aan
secretary@amosafrica.net



Dag 11

Kry 'n vriend wat jou kan bemoedig in jou vertroue op God.

(Les 2: Deel 1 van 2)

Lees: 1 Samuel 16:1 en 23:13-18; 2 Korintiërs 1:3-4

Dawid het in doodsgevaar verkeer. Saul het hom aanhoudend gesoek. Hy wou hom doodmaak (1 Samuel 18:11; 19:1, 9-15; 20:1 en 3; 23:14-15; 27:1). Hy het hom selfs 'n opdrag gegee wat hom in lewensgevaar sou stel. Hy moes honderd voorhuide van die Filistyne as huweliksvergoeding aan koning Saul gee (1 Samuel 18:17 en 20-21 en 25).

Stel jouself 'n oomblik in Dawid se plek. Hy is tot koning gesalf, maar vir jare ervaar hy nie die voordele daarvan nie. Hy woon nie in 'n paleis nie, maar vlug van een bergskuiling na 'n ander vir sy veiligheid. Hy geniet nie die oorfloed van 'n koning nie. Hy oorleef op die bietjie wat die barre woestyn bied. Ek is seker dat Dawid baie keer getwyfel het en dat vrees hom dikwels wou oorweldig (1 Samuel 20:3b en 27:1).

Wanneer jy soos die uitgestote springbokram (Dag 1) voel en wonder of jy dit gaan regkry om nog 'n dag te oorleef, het jy 'n vriend nodig om jou te bemoedig in jou vertroue op God. Jonatan was so 'n vriend vir Dawid. Hy het Dawid verseker dat die Here in beheer is. Ek dink hy het Dawid herinner aan wat God daardie eerste dag vir Samuel gesê het: "*Onder sy seuns sien Ek vir My 'n koning*" (1 Samuel 16:1). Jonatan het Dawid verseker dat nie eers sy pa, koning Saul, kon keer dat hy koning word nie. Hy het Dawid verseker dat wat God oor hom besluit en gesê het, gaan gebeur. Hy het Dawid aangemoedig om aan God se beloftes vas te hou.

Ware bemoediging is meer as om te sê: *Moedhou my vriend, jy sal hierdeur kom*. Of om te sê: *Sterkstaan, my vriend!* In moeilike tye het jy 'n vriend nodig wat jou verseker dat God se Woord waar, en al sy beloftes betroubaar is. Jy het iemand nodig om jou te vertel hoe God Homself in soortgelyke omstandighede aan ander gelowiges as betroubaar bewys het. Iemand moet jou herinner aan jou ware identiteit in Christus; God se innige liefde vir jou (verhouding), en jou roeping om 'n koning vir Hom te wees. Jy het iemand nodig om jou aan die waarhede in Dag 3 en 4 (wat weer in Dag 36-40 bespreek word) te herinner.



Ware bemoediging is nie om iemand aan te moedig om op hom- of haarself staat te maak nie. Dit is om iemand aan te moedig om op God te vertrou: op die groot Koning, die een wat reeds oorwin het en steeds op sy triomftog deur die wêreld op pad is (Kolossense 2:15).

Wee die mens wat in krisistye deur doemprofete omring is, en nie 'n vriend het om hom of haar te bemoedig en te help om op God te vertrou nie.

Dink, gesels, bid en luister:

1. Het jy 'n vriend of twee wat jou in hierdie tyd bemoedig in jou vertroue op God?
2. Vir wie is jy só 'n vriend? Wie bemoedig jy in sy/haar vertroue op God?
3. Hoe kan jy jouself beskerm teen swartgallige mense wat vrees, bekommernis en paniek in jou gedagtes saai?
4. Werklike bemoediging is om iemand te herinner aan sy of haar roeping, verhouding met God en identiteit in Christus.
5. Twyfel jy aan beloftes wat die Here vir jou gegee het? Wat gaan jy daaraan doen? (Lees Jesaja 63:6-7).

Onthou:

Kry 'n vriend(e) wat jou kan bemoedig in jou vertroue op God. In moeilike tye het jy hulle baie nodig! Al voel jy soms om van alles en almal weg te vlug, al wil jy alleen wees, moenie wegbly van jou vriend(e) wat jou kan bemoedig in jou vertroue op die Here nie. Praat met hulle en laat hulle vir jou bid.

Voorbidding:

- † Bid dat *Amos Agrimin* die rol van 'n Jonatan en Barnabas in die landelike en boerderygemeenskap sal vervul, sonder om vir mense vals hoop en leë beloftes te gee.
- † Bely dit voor die Here as jy swartgallig en negatief is. Vra dat Hy jou denke sal vernuwe en aan jou 'n vriend sal gee wat jou kan bemoedig in jou vertroue op God. Iemand wat jou kan aanmoedig om aan die Here en sy beloftes vas te hou.
- † Bid vir landbouers wat eensaam en alleen voel. Bid vir mense wat radeloos en moedeloos is - wat niemand het om mee te praat nie.
- † Bid vir gesonde en gelukkige huwelike. Bid dat man en vrou mekaar sal opbou in die geloof, en nie negatief sal beïnvloed nie.



Dag 12

Kry 'n vriend wat jou kan bemoedig in jou vertroue op God.

(Les 2: Deel 2 van 2)

Lees: 1 Samuel 14:6-12 en 23:16-18, asook Handeling 4:36-37

Jonatan kon Dawid bemoedig in sy vertroue op God omdat hy self 'n persoonlike verhouding met God, en ervaringskennis van God gehad het. Hy het al geleer dat dit nie getalle en omstandighede is wat die deurslag in 'n geveg gee nie. Hy het ervaar dat die Here die oorwinning deur baie of deur net 'n paar mense kan gee (1 Samuel 14:6). Ek is seker hy het ook vir Dawid herinner hoe die Here hom die oorhand oor Goliath gegee het.

Kry vir jou 'n vriend wat ervaringskennis van God het. Iemand wat weet en kan getuig dat God groot én goed is. Iemand wat deur die Here geleer is hoe om mense moed in te praat (vgl. Jesaja 50:4; 2 Korintiërs 1:3-5). Kry vriende met wie jy jou hart kan deel. Kom ooreen om mekaar te bemoedig en saam te bid. Dit is ons roeping en taak om mekaar te help om in alle omstandighede aan God gehoorsaam te bly.

Wees 'n *Barnabas*. Dis iemand wat mense moed inpraat (Handeling 4:36). Daar is heeltemal te veel doemprofete in die landbou en in die wêreld. Bly weg van hulle af. Onlangs het iemand vir my gesê: *As ek die tweede negatiewe WhatsApp kry, blok ek summier die groep of die persoon. Ek laat nie toe dat ander van my ore 'n vullisblik vir hulle gemors maak nie.* Maar nog belangriker: Moenie negatiewe, afbrekende of rassistiese WhatsApp-boodskappe aanstuur nie, veral nie dié wat leuens vir die waarheid verkondig nie. Stuur slegs boodskappe wat die toets van Filippense 4:8-9 slaag. ***“Verder, broers, alles wat waar is, alles wat edel is, alles wat reg is, alles wat rein is, alles wat mooi is, alles wat prysenswaardig is – watter deug of lofwaardige saak daar ook mag wees – daarop moet julle jul gedagtes rig.”***

Dink, gesels, bid en luister:

1. Waarom het mense in moeilike tye intieme Christenvriende nodig?
2. Iemand wat pas tot bekering gekom het, verloor dikwels “ou vriende”. So iemand het vriende nodig wat ervaringskennis van God het; vriende wat hom of haar kan help om nie te twyfel en terug te val nie.



Is jy so 'n vriend vir die jong bekeerlinge op julle plaas of in julle gemeenskap?

3. Enige dwaas kan swartgallig wees en ander bangpraat. Jy moet 'n intiem-persoonlike verhouding met God hê om mense te kan bemoedig in hulle vertroue op God.
4. Werklike bemoediging is om iemand te herinner aan sy of haar roeping, verhouding met God en identiteit in Christus.

Onthou:

Kry 'n vriend wat jou kan bemoedig in jou vertroue op God. Sulke vriende is skaars, maar kosbaar. Doen moeite om so 'n vriend te kry. Doen méér moeite en wéés só 'n vriend.

Voorbidding:

- † Bid dat *Amos Agrimin* die rol van 'n Jonatan en Barnabas in die landelike en boerderygemeenskap sal vervul, sonder om vir mense vals hoop en leë beloftes te gee.
- † *Kry 'n vriend wat jou kan bemoedig in jou vertroue op God.* Bid dat elke landbouer na dié raad sal luister. Vra dat God aan elkeen só 'n vriend sal gee.
- † Bid vir almal wat eensaam en alleen is. Bid vir almal wat só moedeloos en depressief is dat hulle selfdood oorweeg.
- † Bid dat landbouers al meer kleingroepe sal vorm om mekaar geestelik te bemoedig en te ondersteun.
- † Bid vir nuwe bekeerlinge en jong Christene wat 'n behoefte aan nuwe vriende het - vriende wat hulle kan help om geestelik te groei.
- † Bid dat werkgewers en werknemers nie net 'n werksverhouding sal hê nie. Bid dat hulle mekaar as vriende geestelik sal bemoedig en opbou.



Dag 13

Bly fokus op God se vermoë en nie op jouself of jou omstandighede nie.

(Les 3: Deel 1 van 2)

Lees: 1 Samuel 17:1-11, asook vers 16 en 24

Hy staan lewensgroot daar waar almal hom moet sien: 'n goedgewapende reus van drie meter! Selfversekerd, ervare en uitdagend. Twee keer per dag, vir veertig dae lank, intimideer hy Israel se soldate. Die fout wat die soldate en koning Saul gemaak het, was om te lank na Goliat te luister (17:11) en te lank na hom te kyk (17:24). Hoe langer hulle na hom gekyk het, hoe groter het hy vir hulle gelyk. Hoe groter hy vir hulle gelyk het, hoe banger het hulle geword. En hoe banger hulle geword het, hoe groter het Goliat gelyk! Almal het net oor Goliat gepraat. Niemand het meer oor God se vermoë gepraat nie. Na veertig dae was Israel se moed in hulle skoene en hulle geloof weg. Hulle harte was vol angs en vrees. Selfs koning Saul, wat 'n kop langer as al die ander mense was, was moedeloos (1 Samuel 9:2 en 17:32).

Dit gebeur vandag nog. Mense staar hulle blind teen probleme. Hulle sien net hulle eie onvermoë om iets aan die “reuse” voor hulle te doen. Dan begin hulle mekaar bangpraat. Die grootste “held” is dié een wat die ander die bangste kan praat. Dis nie meer dié één wat iets aan die sogenaamde “reuse” kan doen nie. Voorbeelde van “reuse” is: kontantvloei tekorte; uiterste klimaatstoestand; grondhervorming; plaasaanvalle; korrupsie; misdaad; onseker markpryse; 'n verbrokkelende huwelik; ongeredde kinders; drank- en dwelmmisbruik; pornografie; werkloosheid; armoede; ensovoorts. As jy lank genoeg na die goed kyk, as jy na *te veel* nuus luister en kyk (90% daarvan is negatief), raak jy klein en die probleme reusagtig. Jy word so klein en magteloos soos 'n sprinkaan. Die uitdagings lyk onhanteerbaar (vgl. die meerderheidsverslag van die 10 verkenners in Numeri 13:30-33).

Ons fokus is verkeerd! Ons vergeet dat Jesus op die troon is, dat God wonders doen en dat Hy ons liefhet. Ons vergeet dat God in die woestyn kan sorg (Nehemia 9:20-21 en Jesaja 58:10-11). Ons vergeet dat die reuse oorwin is en nie regtig 'n bedreiging is nie (Kolossense 2:15). Die geveg is eintlik net 'n bek-geveg. Net as jy die vyand glo, kan hy jou wen.



Dink, gesels, bid en luister:

1. Watter probleme op die plaas, in die land en die landbou staan vandag soos reuse voor jou? Noem hulle by die naam.
2. Word die “reuse” groter elke keer as julle om die braaivleisvuur, óf by die koöperasie, die pakstoor of die wynkelder oor hulle praat? Word hulle groter as jy na die nuus kyk en die landboutydskrifte lees? “*Dis tog feite!*”, sê julle vir mekaar. Goliath is drie meter lank!
3. Waarom behoort jy kans te sien vir dié “reuse”? Of, waarom sien jy nie kans vir hulle nie?
4. **Lees Psalm 107.** Let op die verse wat kort-kort herhaal word. Vers 6, 13, 19 en 28! En dan ook vers 8, 15, 21 en 31! ***“Wie verstandig is, moet op hierdie dinge ag gee, hulle moet let op die Here se daade van trou”*** (Psalm 107:43).

Onthou:

Moenie na God kyk deur die donker wolke van omstandighede nie. Kyk na omstandighede deur die reënboogkleure van God se almag, genade en liefde. *Bly fokus op God se vermoë en nie op jouself of jou omstandighede nie!*

Voorbidding:

- † ***“Loof die Here want Hy is goed, aan sy liefde is daar geen einde nie. Só moet die mense sê wat deur die Here bevry is, dié wat Hy uit hulle nood bevry het...”*** (Psalm 107:1-2).
- † Bid dat plattelandse kerke en landbou-bedieninge instrumente in God se hand sal wees om te help om probleme in die landbou op te los en die “reuse” te verslaan.
- † ***Bly fokus op God se vermoë en nie op jouself of jou omstandighede nie.*** Bid dat Christene dít sal doen!
- † Bid teen moedeloosheid wanneer landbou-omstandighede negatief en uitdagend is. Bid vir meer positiewe en opbouende gesprekke in die landbou - van die plaasstoep waar twee boere gesels, tot op internasionale vlak waar Afrika se ministers van landbou onderhandel.



Dag 14

Bly fokus op God se vermoë en nie op jouself of jou omstandighede nie.

(Les 3: Deel 2 van 2)

Lees: 1 Samuel 17:26-37 en vers 42-51

Goliath se grootte het Dawid nie ontstel nie. Wat hom ontstel het, is dat 'n heiden God se eer aangetas het en dat niemand iets daaromtrent gedoen het nie (1 Samuel 17:26b). Vir Dawid was dit nie net Israel se oorwinning wat op die spel was nie, maar God se eer! Die twee sake hang saam. God ontvang eer wanneer ek en jy in oorwinning lewe. Maar, God se eer ly daaronder wanneer ons deur sonde en verslawing oorheers word. As Christene negatief, swartgallig en pessimisties is, word God nie geëer nie. Wanneer ek en jy moed verloor, “*verloor*” God die aansien en eer wat Hom toekom! Wanneer die Kerk van Christus verkleineer word, word God deur die wêreld geïgnoreer.

Dawid het nie saamgepraat oor Goliath se krag nie. Hy het hom ook nie blindgestaar teen die grootte van die probleem nie. Uit ervaring het hy geweet dat God die vermoë het om hom te help, al is die vyand ook sterk en baie (Psalm 18:29-41).

Dawid het op God se vermoë gefokus. Daarom het hy heeltemal anders as Saul en sy soldate opgetree. Al was hy baie kleiner en jonger as Saul, het hy die koning vermaan om nie moedeloos te word nie (1 Samuel 17:32). Die soldate was bang en het gevlug. Dawid het nie op die beskermende klere of wapens van koning Saul staatgemaak nie. Ook nie op sy eie vermoë nie. Hy het gewéét dat God hom die oorwinning sou gee. Daarom het hy Goliath tegemoet gehardloop (1 Samuel 17:48). Jy kry moed, krag en energie wanneer jy op God fokus. Jou moed en jou hart sak in jou skoene wanneer jy op jou omstandighede fokus.

“As jy weifel op die dag van nood, is jy nie opgewasse daarvoor nie” (Spreuke 24:10).

Fokus op God en sy vermoë, en nie op die grootte van Goliath nie. Doen dit elke dag, anders kan met jou gebeur wat later met Dawid gebeur het. Toe hy sy fokus van God na die magtige Saul en herhaalde nou ontkomings verskuif, het hy ook moedeloos en swartgallig geraak: “... ***ek sal nog eendag deur Saul omkom. Daar bly vir my niks anders***



oor nie as om uit te wyk na die land van die Filistyne toe” (1 Samuel 27:1). Moenie soos die wêreld raak om jou teen die aanslae van die wêreld te probeer beskerm nie. Moenie na die vyand oorloop in ’n poging om jouself te red nie.

Dink, gesels, bid en luister:

1. Ontstel dit jou as God se eer aangetas word? Wat doen jy as dit gebeur? Is jy bereid om God se aansien en eer te verdedig?
2. ’n Mens se gemoedstemming word maklik deur omstandighede bepaal (nuusberigte, armoede, grondeise, plaasmoorde, weervoorspellings, wisselkoerse, siektes, geld, ensovoorts), en nie deur geloof in God nie. Wat bepaal vandag jou gemoedstoestand?
3. Ons glo onbewustelik dat negatiewe omstandighede ook God se vermoë beperk. Ons vergeet maklik dat Hy my en jou omstandighede oornag kan verander (vgl. Psalm 30:1-13). Ons vergeet dat niks vir Hom onmoontlik is nie (Jeremia 32:17 en 27; Sagaria 8:6).

Onthou:

Bly fokus op God se vermoë en nie op jouself of jou omstandighede nie! God skep, verander en heers oor omstandighede. Hy is nie uitgelewer aan omstandighede of daarvan afhanklik nie. Hy bring lewe uit die dood (2 Korintiërs 1:9b). Moet jou daarom nie blindstaar teen omstandighede, reuse en berge nie. Hy het reuse verslaan en berge verskuif. Hy doen dit steeds! Ook vir jou!

Voorbidding:

- † Bid dat God se eer altyd vir **Amos Agrimin** voorop sal staan.
- † *Bly fokus op God se vermoë en nie op jouself of jou omstandighede nie.* Bid dat Christene dít sal doen!
- † Bid dat landbouers, ten spyte van moeilike ekonomiese, politieke of landbouomstandighede, nie aan God se wil of vermoë om uitkoms te gee, sal twyfel nie.
- † Bid vir alle geestelike leiers op die platteland. Bid dat hulle hulle oë op Koning Jesus gevestig sal hou (Hebreërs 12:3), én landbouers sal help om dit ook te doen.
- † Aanbid God! Hy beskik oor omstandighede. Hy kan jou probleme oplos en jou omstandighede oornag verander. As Hy dit nie doen nie, kan Hy jou selfs in die nag ’n lied laat sing (vgl. Job 35:10; Psalm 42:9 en Handeling 16:22-26).



Dag 15

Moenie net óór die reus praat nie, praat mét hom.

(Les 4)

Lees: 1 Samuel 17:26, 34-37, 43-47; Markus 1:25; 9:25 en 11:22-24;
Handelinge 3:5 en 16:18

Eers het Goliat alleen gepraat! Amal bang gepraat! Toe kom Dawid en hy praat terug. Hy praat mét die reus en nie net oor hom nie. Dis nie die grootte van die reus wat Dawid ontstel het nie, maar die godslasterlike dinge wat hy gesê het. Vir Dawid was nie net die vryheid en oorwinning van sy volk nie, maar veral die eer van die God van Israel op die spel. As Goliat so aangehou het sou die wêreld dink dat die Filistyne se god in wie se naam Goliat Dawid vervloek het (1 Samuel 17:43b), die sterkste god was. Dít kon Dawid nie duld nie. Die wêreld moes weet dat Israel se God die ware en enigste God is. Almal moes hierdie God beter leer ken en besef dat Hy die uitslag van elke geveg bepaal (1 Samuel 17:45-47). God se eer en die bevryding van sy kinders is twee kante van dieselfde munt. Daarom het Dawid mét die reus gepraat. Hy het soos 'n koning met gesag opgetree!

God het in Dawid vir Hom 'n koning gesien. Daarom het Dawid die gesag van 'n koning gehad lank voor die wêreld hom as koning erken het. Hy kon dus in geloof proklameer wat met Goliat gaan gebeur. En toe gebeur dit (1 Samuel 17:45-47).

In die Nuwe Testament lees ons dat Jesus, Koning uit die nageslag van Dawid, dieselfde gedoen het. **"Maar Jesus het hom** (die bese gees) **skerp aangespreek: 'Bly stil en gaan uit hom uit' "** (Markus 1:25). Later lees ons: **"Toe Jesus sien dat 'n menigte mense aangestroom kom, het Hy die bese gees skerp aangespreek: 'Jou stom en dowe gees, Ek gebied jou: Gaan uit hom uit en moet nooit weer in hom invaar nie' "** (Markus 9:25)!

Ook Petrus het in die Naam van Jesus beveel wat móét gebeur. Hy het vir die verlamde man gesê: **"Staan op en loop!"** (Handelinge 3:6). Paulus het die waarsêersgees in die slavin direk aangespreek: **"Ek beveel jou in die Naam van Jesus Christus: Gaan uit haar uit!"**



(Handelinge 16:18). In Markus 11:23 sê Jesus: ***"Dit verseker Ek julle: Elkeen wat vir hierdie berg sê: 'Lig jou op en val in die see,' en daarby nie in sy hart twyfel nie, maar glo wat hy sê, gebeur, vir hom sal dit gebeur."***

Die geveg behoort aan die Here (Eksodus 14:13-14; Josua 10:14; 2 Kronieke 20:29). Jesus het die finale oorwinning behaal (Efesiërs 1:20-23 en Filippense 2:5-11 en Kolossense 2:15) . Hy het nie die geveg aan ons gegee nie. ***Hy het ons die gesag gegee om te sê wat moet gebeur omdat Hy reeds die geveg gewen het.*** Dit is Jesus se opdrag in Lukas 9:1-2. Dit is wat Petrus en Paulus gedoen het!

In Markus 11:23-24 het Jesus koninklike mag en gesag aan ons gegee. Nie om met berge te praat, maklik 'n effektiewe grondverskuiwings-besigheid te bedryf en oornag ryk te word nie. ***Ons moet sy mag en gesag gebruik om te sê wat op grond van sy oorwinning en in ooreenstemming met sy wil, móét gebeur*** (Markus 11:22-24).

Opsommend: Selfs wanneer ons bid, vertel ons dikwels vir God hoe groot ons reuse is, in plaas daarvan om ons reuse te vertel hoe groot God is. Ons praat met God oor die berg voor ons, in plaas daarvan om met die berg te praat en dit in Jesus se Naam te beveel om pad te gee.

Jy hoef nie vir die reus bang te wees nie. Jesus het hom oorwin en jy het sy gesag agter jou! Gebruik hierdie outoriteit ter wille van die eer van God en die vryheid/oorwinning van sy kinders. Sê wat moet gebeur op grond van die kruis, opstanding en Hemelvaart van Christus. Wat móét gebeur op grond van die feit dat Jesus reeds as Oorwinnaar gekroon is en aan die regterhand van God sit. Die feit dat Hy reeds as Koning heers en aan ons die gesag gegee het om ook te heers. Praat met jou reus. Sê in Jesus se Naam wat moet gebeur op grond van die Skrif en God se karakter. As jy nie weet nie, bid en vind uit wat Hy wil hê in jou spesifieke situasie moet gebeur. Dan sê jy dit vir jou reus!

Dink, gesels, bid en luister:

1. Die wêreld se opinie van God is op die spel! Jou lewe bepaal dit. Het jy al só daaraan gedink?
2. Watter *reus* intimideer jou al lank en probeer om God se eer te steel? Het jy al daaraan gedink om in Jesus se Naam mét dié *reus* te praat?
3. Waarom móét *reuse* na jou luister?



Onthou:

Moenie net óór die reus praat nie, praat mét hom! Jesus het nie die geveg aan ons gegee nie. Hy het ons die gesag gegee om te sê wat moet gebeur op grond van die feit dat Hy reeds die geveg gewen het.

Voorbidding:

- † Bid dat God se eer altyd vir *Amos Agrimin* voorop sal staan. Bid dat *Amos* met gesag sal optree elke keer wanneer God se eer en die vryheid van sy kinders op die spel is.
- † Bid vir alle geestelike leiers op die platteland. Hulle moet hulle oë op Koning Jesus gevestig hou (Hebreërs 12:3). Hulle moet alle landbouers leer om dit ook te doen.
- † Aanbid God! Dank Hom vir Jesus se oorwinning en die gesag wat Jesus aan ons gegee het (Lukas 9:1-2).

Dag 16

God het die vermoë om altyd sy doel en bestemming met jou te bereik.

(Les 5)

Lees: 1 Samuel 16:1 en 13, asook 2 Samuel 5:1-5

Die boodskap van 1 Samuel 16 tot 31 is: God het Dawid koning gemaak. Hy het nie die koningskap deur 'n staatsgreep gesteel nie. God het hom koning laat word. Selfs Saul en sy soldate kon dit nie keer nie (o.a. 1 Samuel 23:17). Niemand kan God keer om te doen wat Hy wil nie. Niemand kan Hom verhinder om sy besluite uit te voer nie (Jesaja 46:9-11 en 55:8-11).

God het Dawid beskerm (1 Samuel 23:14) en gehelp om die bestemming wat Hy vir hom bepaal het, te bereik (1 Samuel 28:17-18). God kon dit doen ten spyte van Saul se felle teenstand. Almal het geweet dat God sal seker maak dat Dawid koning word: Jonatan (1 Samuel 23:17), Saul (1 Samuel 24:21) en Abigail (1 Samuel 25:30).

God kan jou ook beskerm en help om die doel en plan wat Hy vir jou lewe het, te bereik; ongeag hoe fel die aanslag teen jou is of hoeveel struikelblokke jy moet oorkom! Selfs al val jy dikwels, Hy sal jou elke keer weer optel (Psalm 37:23-25 en Spreuke 24:16). As God jou geroep het om te



boer, kan geen politieke beleid, geen ekonomiese krisis, of selfs klimaatsverandering dit keer nie. Dit beteken nie dat alles gaan bly soos dit is nie. Om grond te besit is nie noodwendig 'n voorwaarde om te kan boer nie. God besluit wie wanneer waar gaan woon en werk (Handelinge 17:24-26 en Amos 9:7 en Deuteronomium 32:8). God het besluit dat Saul se tyd verby is en dat dit Dawid se beurt is om koning te word. Hy het besluit dat dit eers gaan gebeur wanneer Dawid 30 is (2 Samuel 5:4).

As jy na vandag, môre en volgende jaar kyk, kan baie dinge verander. Hoe verder jy kyk, hoe meer onveranderlik raak dinge: Jou ewige bestemming is egter 100% vas en seker. Dis onveranderlik en gewaarborg (Efesiërs 1:13-14; 1 Petrus 1:3-5)! As jy 'n kind van God is, sal jy gelykvormig word aan die beeld van Jesus Christus (Romeine 8:28-30 en 1Johannes 3:2). Jy sál as koning heers (Openbaring 5:10).

Daar is seisoene in elke mens se lewe (Prediker 3) en God se werk is meestal prosesse wat oor 'n tyd verloop.¹

Daarom moet God se kinders onthou:

Wat nooit kan of sal verander nie	=	jou eindbestemming!
Wat nooit moet verander nie	=	jou geloof en waardes!
Wat kan verander	=	jou roeping om te boer.
Wat waarskynlik gaan verander	=	plek waar en produk waarmee jy boer.
Wat beslis gaan verander	=	omstandighede waarin jy leef/boer.
Wat definitief moet verander	=	hoe jy boer – jou metodes!

Jy kan jou roeping om te boer op baie maniere en plekke uitleef: Jy kan self boer of ander leer boer. Jy kan jou eie kinders bemagtig, of ander kinders bemagtig. Jy kan met iets anders op 'n ander plek gaan boer. Jy kan een metode met 'n ander vervang, solank jy al hoe meer *God's Way* boer. Jy kan groter of kleiner boer: meer intensief of meer ekstensief. Jy kan op jou eie, of op iemand anders se grond boer. Jou roeping om te boer, kos te produseer en mense God se goedheid te laat proe, is nie noodwendig aan 'n bepaalde plek of produk gekoppel nie.

¹ 40-Dae Gebedsfokus op die Landbou 2018: *Living and Farming God's Way*, Dag 27.



Oral kan jy sing:

- | | |
|---|---|
| 1. Stand up, stand up for Jesus
Redeemer of the land
He's Lord of all creation
Victorious He stands
Let us all represent Him
And be His hands and feet
Let us fulfill our calling
As farmers on His land | 2. Stand up, stand up for Jesus
All peoples of the land
Let's live and farm for Jesus
To glorify His Name
Let's conquer all the evil
And bring His Name great fame
Let us fulfill our calling
As farmers on His land |
| 3. Stand up, stand up for Jesus
It's time to make our stand:
To live and farm for Jesus
'cross Africa our land
let's do work of high standard
Rejoicing in God's way
Let us fulfill our calling
As farmers on His land | |

Dink, gesels, bid en luister:

1. Dawid het vir meer as 10 jaar geduldig op die Here gewag. Hy het nie die koningskap voor God se bestemde tyd gegryp nie. *Moenie vandag gryp wat God môre vir jou wil gee nie.* Wat gebeur wanneer mense vandag gryp na goed wat God eers later op die regte tyd vir hulle wil gee?
2. Vind uit wat God se plan vir jou lewe is. Vra Hom om jou te help. Doen elke dag wat Hy van jou verwag. Dan kan niks en niemand God keer nie. Hy sal jou end-uit help en beskerm sodat jy sý doel met jóú lewe kan bereik.
3. Solank as wat God jou as werkgewer of werknemer bestem het om op 'n bepaalde stuk grond te bly, só lank sal jy daar wees. Niks en niemand sal daarin slaag om jou daar weg te kry nie!
4. Wie het die laaste sê oor jou toekoms? Jou toekoms is in God se hande, nie in jou werkgewer of die regering of moordbendes s'n nie! Loof en dank Hom nou daarvoor.
5. Leef jou huidige roeping met passie uit totdat God dit verander!

Onthou:

God het die vermoë om altyd sy doel en bestemming met jou te bereik.



Voorbidding:

- † Vra die Here om jou te help om jou roeping uit te leef binne jou huidige omstandighede. Blóm in die pot waarin jy geplant is.
- † Bid gereeld: *Here, posisioneer my vir roepingsvervulling, intimiteit met U en finansiële vryheid.*
- † Jy het 'n *groter* roeping as om net te boer. Jy moet help om landbou te transformeer. God se Koninkryk moet in die landbou kom. Vra vir Hom wysheid hoe om dít te doen.
- † Die Here het AMOS in 1993 met 'n bepaalde doel in die lewe geroep. Bid dat al *Amos Agrimin* se leiers in so 'n intiem-persoonlike verhouding met God sal leef dat Hy sy doel met AMOS sal kan bereik. Bid dat hulle in alles gehoorsaam sal wees. Vra ook dat die Here aan AMOS die *leierskap, kundigheid* en *hulpbronne* sal gee wat hy nodig het om sy roeping en opdrag uit te voer.
- † Bid dat kommersiële boere Afrika sal dien met hulle kennis en landbouvaardighede. Bid dat alle Christen-landbouers erns sal maak met die roeping wat God in Suid-Afrika en Afrika vir hulle het.
- † Bid vir veiligheid op plase en dat moordbendes en sindikate nie daarin sal slaag om landbouers van plase af te verdryf nie.
- † Bid dat die Here die uitkoms van die herverdeling van grond sal bepaal sodat almal hulle roeping tot eer van sy Naam kan uitleef.

Dag 17

God het die mag om op meer as een manier te red of uitkoms te gee.

(Les 6: Deel 1 van 4)

Lees: 1 Samuel 20:1-5 en 23:14, asook Psalm 18:1-25

Daar het ongeveer 10 jaar verloop vandat Dawid gesalf is totdat hy koning oor Juda geword het. Deurentyd het Saul probeer om Dawid dood te maak. Dawid het dikwels net-net met sy lewe daarvan afgekom. Elke keer het die Here hom beskerm en sy lewe gered. Hy het hom nie in die mag van Saul oorgegee nie (1 Samuel 23:14). God het Dawid elke keer op 'n ander manier gered. God het altyd meer as een oplossing vir 'n probleem - meer as een opsie in elke krisis.



Voor Saul met sy aanvalle begin het, het die Here vir Dawid uit die kloue van leeus en bere gered (1 Samuel 17:34-36). Hy het hom van Goliat gered en hom in die geveg daarna beskerm (1 Samuel 17:46 en 18:6-7).

Die Here het Dawid op verskillende maniere van Saul gered. Die Here was by Dawid. Hy het hom twee keer blitsvinnig laat koes vir Saul se spies en hom suksesvol in die nag laat vlug (1 Samuel 18:11-12 en 19:9-10). 'n Ander keer het die Here Mikal (Dawid se vrou, Saul se dogter) gebruik: sy het Dawid deur 'n venster laat afsak om te ontsnap (1 Samuel 19:11-12).

Die Here het ook vir Jonatan gebruik: hy het by sy pa vir Dawid gepleit (1 Samuel 19:4 e.v.). 'n Ander keer het God Dawid in die profetekwartiere weggesteek. God het sy Gees laat kom op almal wat hom daar gesoek het. In plaas daarvan om Dawid te vang het hulle begin profeteer. Dit het met al drie die groepe wat Saul gestuur het, gebeur. Dit het ook met Saul self gebeur (1 Samuel 19:18-24). In hoofstuk 20 lees ons dat Jonatan vir Dawid waarsku. God het ook vir Agimelek en die priesters van Nob gebruik om Dawid te red (1 Samuel 21:1-9). Later het God Dawid gered deur hom te laat voorgee dat hy waansinnig is (1 Samuel 21:10-15).

Een ding is seker: God het beslis die mag om op meer as een manier te red en uitkoms te gee. Hy het die hele natuur tot sy beskikking en kan selfs 'n storm van ongekende omvang gebruik as Hy wil (Psalm 18).

Dis dwaas om God se vermoë om jou te red en te help te beperk tot jón planne en oplossings. Jy sal slapelose nagte hê. God is almagtig en alwetend. Hy het méér as een plan en oplossing vir elke probleem of krisis: van plaasveiligheid tot grondhervorming; van afdankings en werkloosheid tot die effek van die wisselkoers op in- en uitvoere; van stygende insetkoste en droogte tot peste en plaë. Laat Hom God wees! Hou op om Hom te probeer raadgee en van planne te probeer voorsien. Vind uit wat sy plan en oplossing is en dóén dit!

Dink, gesels, bid en luister:

1. Probleme veroorsaak dikwels tonnelvisie. Jy sien net één oplossing. Wanneer het dit met jou gebeur?
2. Wanneer laas het jy gebid en vir God gevra om jou oë oop te maak vir alternatiewe oplossings vir jou probleme? Doen dit sommer nou!

Onthou:

God het die mag om op meer as een manier te red of uitkoms te gee.



Voorbidding:

- † AMOS bedien werkgewers en werknemers: mans, vroue en kinders. Dit sluit almal in die landelike en boerderygemeenskap in Afrika in. Die teikengroep wissel van skatryk tot brandarm; van gegradueerdes tot ongeletterde mense; van mense wat met hoë tegnologie werk, tot dié wat nog ou boerderymetodes gebruik. Dit stel besondere eise aan die bediening. Vra dat die Here ons met dié uitdaging sal help.
- † Bid dat landbouers sal onthou: *God het die mag om op meer as een manier te red of uitkoms te gee.*
- † Bid en vra dat die Here ons oë sal oopmaak vir verskillende oplossings vir die grondkwessie, en die verskillende maniere waarop nuwe boere bemaagtig kan word.
- † Bid dat die Here landbouers kreatiewe probleemoplossers sal maak. Vra dat Hy hulle sal help om probleme altyd só op te los dat daar nie winners en verloorders is nie, maar dat almal winners sal wees.

Dag 18

God het die mag om op meer as een manier te red of uitkoms te gee.

(Les 6: Deel 2 van 4)

Lees: 1 Samuel 23:14b en 25-28

God het die mag om op meer as een manier te red en uitkoms te gee. In vandag se teksverse sien ons hoe God selfs internasionale politiek en die verhouding tussen volke gebruik het om Dawid te beskerm. Hy het die Filistyne vir Saul laat aanval sodat hy sy agtervolging van Dawid moes staak. God het mag, Hy is in beheer, Hy gryp in net hoe en wanneer Hy wil! Op die regte tyd! As Hy te vroeg ingegryp het, sou niemand die wonder raakgesien het nie. As Hy dit te laat gedoen het, sou Dawid gesterf het.

God gryp nie noodwendig met mag in nie. Hy doen nie noodwendig iets bonatuurlik nie. As Beskikker oor mense en wêreldgebeure (Psalm 46) het Hy die Filistyne 'n aanval laat loods wat Saul gedwing het om Dawid uit te los om teen hulle te gaan veg.

God het vandag nog die mag en vermoë om internasionale politiek, wisselkoerse, wêreldmarkte, oliepryse, handelsverdrae en ander plaaslike en internasionale gebeure te gebruik om jou te help.



Dink, gesels, bid en luister:

1. Niks is vir God onmoontlik nie (Jeremia 32:17 en 27)! Die probleem is dat ek en jy dit nêr in teorie bely. Ons glo en aanvaar nie regtig dat God sy almag wil en sal gebruik om sý doel met ons te bereik nie. Ons sê dis toevallig as ons op die regte oomblik hulp ontvang of gered word. Ons dink ons was maar net gelukkig.
2. Dink aan die baie kere en maniere waarop God jou al gehelp, beskerm of gered het. Vertel dit aan ander. Loof, dank en eer Hom daarvoor.
3. Jy hoef nie ten alle koste 'n stuk grond te kry of te behou nie. Dit hoef nie binne twee weke te reën nie. Die rand/dollar hoef nie te verswak of te versterk en die rentekoers hoef nie te daal of te styg nie. As niks hiervan gebeur nie, kan God steeds vir jou sorg. Hy kan enige iets anders doen.
4. Waarom is dit vir jou só moeilik om te glo dat God steeds kan help, al kan jy nie aan 'n plan of oplossing dink nie?

Onthou:

God het die mag om op meer as een manier te red of uitkoms te gee.

Voorbidding:

- † Bid dat landbouers altyd sal onthou: God het die mag om op meer as een manier te red of uitkoms te gee.
- † Bid vir familie en vriende wat raadop is.
- † Loof die Here vir sy almag en kreatiwiteit; sy vermoë om jou op meer as een manier te help.

Dag 19

God het die mag om op meer as een manier te red of uitkoms te gee.

(Les 6: Deel 3 van 4)

Lees: 1 Samuel 24:17-22 en 26:7-12, asook verse 17-21

God het die mag om op meer as een manier te red of uitkoms te gee. Ons het gelees hoe Hy Dawid op verskillende maniere gered en teen die aanvalle van Saul beskerm het. In vandag se gedeelte doen God dit weereens op 'n ander manier. Saul het vir 'n ruk lank gedink dat dit dwaas



sou wees om Dawid te probeer doodmaak, want Dawid het sy lewe gespaar (1 Samuel 24:17-22 en 26:21). Dawid het hom nie in die grot doodgemaak toe hy die kans gehad het nie. Ook nie toe Saul en sy manskappe vas aan die slaap was nie. Maar dit het net gebeur omdat die Here dit só bepaal het (1 Samuel 26:7 en 12).

Jy hoef nie altyd jou vyande te behandel soos hulle jou behandel nie. Jy kan hulle liefhê en aan hulle goed doen (Lukas 6:27-28), al wil hulle jou doodmaak. God sal jou lewe beskerm. En as Hy dit nie doen nie, kan ons maar net sê wat Daniël se drie vriende vir Nebukadnesar gesê het: ***"Ons het ons God vir wie ons dien. Hy het die mag om ons te red uit die brandende oond, en Hy sal ons ook red uit u mag. Selfs as Hy dit nie doen nie, moet u weet dat ons u god nie sal dien nie, die goue beeld wat u opgerig het, nie sal aanbid nie"*** (Daniël 3:17-18).

Dink, gesels, bid en luister:

1. Dink aan 'n tyd toe jy vir 'n rukkie onverwags iemand se guns en goedheid geniet het. Was dit toevallig? Of het God jou so gehelp? Dalk het jy dit net nie besef nie.
2. Skryf neer hoe God jou/julle al op onverwagte maniere gehelp het om probleme en uitdagings te bowe te kom.
3. Is jy bereid om God aan te hou dien en eer, al red en help Hy jou nie soos jy dink Hy moet nie?

Onthou:

God het mag om op meer as een manier te red of uitkoms te gee.

Voorbidding:

- † Loof en prys die Here vir al die verskillende maniere waarop Hy jou al gehelp en uit doodsgevaar gered het! Hy het dit ter wille van sy lof en eer gedoen (lees Psalm 50:15).
- † Bid dat landbouers sal onthou: *God het die mag om op meer as een manier te red of uitkoms te gee.*
- † Bid vir 'n goeie verhouding tussen die regering en landbou. Bid vir wedersydse vertroue en hartlike samewerking.



Dag 20

God het die mag om op meer as een manier te red of uitkoms te gee.

(Les 6: Deel 4 van 4)

Lees: 1 Samuel 27:1-7; 27:12 tot 28:2 en 29:1-11

God het die mag om op meer as een manier te red of uitkoms te gee. Ons het gesien dat Hy Dawid op verskillende maniere gered en teen die aanvalle van Saul beskerm het. Die Here het Dawid ook beskerm deur hom vir 'n jaar en vier maande blyplek by die Filistyne te gee (1 Samuel 27:7). Ongelukkig was Dawid toe verplig om saam met die Filistyne, God se vyande (1 Samuel 17:26 en 28:1), teen sy eie mense te gaan veg. Hierdie keer het die Here hom uit die situasie gered deur die wantroue van die Filistynse leiers. Dawid was nie vir hulle aanvaarbaar nie (1 Samuel 29:3-6).

Nóg Saul nóg die Filistyne kon daarin slaag om God se plan met Dawid te dwarsboom. God was besig om Dawid koning te maak. Daar was niks wat Saul of iemand anders kon doen om dit te keer nie.

Die duiwel het baie planne en gebruik verskillende mense en omstandighede om te probeer keer dat jy God se doel en bestemming vir jou bereik. Maar jy kan en moet seker wees: God het die mag en vermoë om in elke omstandigheid uitkoms te gee en jou in elke moeilikheid te help (2 Korintiërs 1:3-4). Hy kan dit elke keer op 'n nuwe en unieke manier doen. Moenie panikerig raak as jy nie aan 'n oplossing kan dink nie. Vra dat die Here jou oë sal oopmaak om te sien hoe Hy dit wil doen of al gedoen het.

Dink, gesels, bid en luister:

1. Wanneer laas het jy God geloof en geprys vir sy vermoë om jou te beskerm, te lei en te help om sy doel en bestemming vir jou te bereik?
2. Glo jy dat God jou met 'n spesifieke doel geskep en gered het? Lees Efesiërs 2:10.
3. Lees Psalm 112. Let op vers 10: ***“Die goddelose sien dit en raak ontsteld, hy kners op sy tande van magteloosheid. Van die begeerte van die goddelose kom daar niks.”*** As die Here vir jou en jou kinders 'n toekoms in die landbou wil gee, kan Satan en sy reuse handlangers niks doen om dit te keer nie. Glo jy dit?



4. Is dit net dinge van buite wat ons lewe, roeping en toekoms bedreig, of is dit ook ons swak besluite en sonde?

Onthou:

God het mag om op meer as een manier te red of uitkoms te gee.

Voorbidding:

- † Bid dat landbouers sal onthou: *God het die mag om op meer as een manier te red of uitkoms te gee.*
- † God het 'n oplossing vir jǃu probleem. Loof en prys Hom daarvoor, selfs al weet jy nog nie wat dit gaan wees nie.
- † Bid vir veiligheid op plase; mooi arbeidsverhoudinge; tydige en genoeg reën; gesondheid van mense, diere, plante en bome; effektiewe maar veilige beheer van onkruid, indringerplante, peste en plaë.

Dag 21

Aanvaar die gesag wat God oor jou gestel het.

(Les 7: Deel 1 van 2)

Lees: 1 Samuel 24:7-16 en 26:9-11

Dawid het Saul se koningskap eerbiedig! Hy het aanvaar dat die Here Saul tot koning gesalf het en dat nǃ Hy 'n einde daaraan kan maak. Saul het sonder die teenwoordigheid (toerusting) van die Gees regeer (16:14 en 18:12). Hy het sy mag teen Dawid misbruik. Hy het Dawid in lewensgevaarlike situasies geplaas (18:13 en 17b, asook 25) en die nasionale weermag vir persoonlike gewin teen hom gebruik. Tog het Dawid nie die reg in eie hande geneem nie. Hy het Saul se koningskap bly eerbiedig. Dawid se eerbied vir die koning het selfs na Saul se dood voortgeduur (2 Samuel 1:14 tot 2:7).

Die versoeking is groot om reg in eie hande te neem en kwaad met kwaad te vergeld as jy veronreg voel. Dit gebeur maklik as jy voel dat die regering van die dag ooreenstem met die beskrywing in Psalm 73:1 en verder. 'n Gevoel van verontregting lei tot bitterheid. Dit kan jou soos 'n redelose dier laat optree, selfs teenoor God (Psalm 73:21-22). Sorg dus dat bitterheid geen plek in jou lewe kry nie.



Jy hoef nie met alles saam te stem wat die owerheid doen nie. Jy mag met hulle verskil, teen hulle stem, met hulle gesprek voer en nuwe en beter insigte aan hulle probeer deurgee. Maar jy móét aanvaar dat God, in sy vrymag, hulle vir 'n vasgestelde tyd, met 'n bepaalde doel, oor jou aangestel het (Romeine 13:1-7 en Daniël 4:17, asook 4:24-37). Jy móét ook vir hulle bid (1 Timoteus 2:1-2). Die Here leer ons in sy Woord om die owerheid te eer en te respekteer (1 Petrus 2:17), selfs al regeer hulle (volgens jou oordeel) nie onder leiding van die Gees van God nie, en al voel jy hulle bedreig jou plaas en jou lewe. Jy móét almal wat God in gesagsposisies geplaas het, eer en respekteer, selfs al veroordeel jy wat hulle soms doen.

Dit maak nie saak hoe jy oor die regering van die dag dink en voel nie, onthou: Aan Christus is alle mag en gesag gegee (Matteus 28:18 en Efesiërs 1:19b-23). Hy heers oor die konings van die aarde (Openbaring 1:5). Lees weer Dag 3 as jy dít vergeet het.

Dink, gesels, bid en luister:

1. Hoekom het Dawid nie verbitterd geraak nie, al het Saul hom op elke denkbare manier probeer doodmaak? Lees wat hy aangevang het op die vooraand van Dawid se troue met sy dogter (1 Samuel 18:17-21a). Dink jy die versoeking was groot vir Dawid om reg in eie hande te neem en Saul dood te maak? Het jy dít al oorweeg om die reg in jou eie hande te neem?
2. Hoekom dink jy het Dawid nie aan dié versoeking toegegee nie?
3. Het jy al gedink: *Ek is sommer lus en ...?* Wat keer jou om aan die versoeking toe te gee?
4. Toe alles sedert 2001 in die landbou in Zimbabwe onder president Mugabe skeefgeloop het, het een van die boere sy mede-boere vermaan en gesê: *Don't expect justice, but always act justly*. Is jy bereid om dít te doen?
5. Onthou, wat jy saai gaan jy maai. As jy minagting teenoor gesag in jou kinders en jou gemeenskap se lewe saai, sal hulle later alle gesag met minagting hanteer – ook jóú gesag. En nog erger, God se gesag! Dink dus twee keer voor jy sekere opmerkings maak of WhatsApps aanstuur. Vra jouself of dit God eer.
6. Lees 1 Kronieke 28:5; Spreuke 21:1 en Openbaring 1:5. Wie regeer regtig 'n land? Wie het die laaste sê in jóú land?

Onthou:

Aanvaar die gesag wat God oor jou gestel het. Moenie reg in eie hande neem nie, al is jy hoe gefrustreerd met die owerheid en regering van die dag.



Voorbidding:

- † Bid dat landbouers die gesag wat God oor hulle gestel het, sal aanvaar.
- † Bid dat landbouers eerbied en respek vir landboueiers sal hê. Bid ook dat dié leiers se optrede eerbied en respek sal afdwing.
- † Lees 1 Timoteus 2:1-6a. Bid vir jou regering en veral vir landbou en grondsake. Bid dat almal gered sal word. Bid dat hulle 'n klimaat sal skep vir vrede, vooruitgang en die koms van die Koninkryk in die landbou.
- † Bid dat die regering só effektief sal regeer en misdaad só doeltreffend sal bekamp dat landbouers nooit in die versoeking sal kom om reg in eie hande te neem nie.
- † Bid vir plaasveiligheid. Bid teen onwettige grondbesettings, diefstal van landbouprodukte en brandstiging.

Dag 22

Aanvaar die gesag wat God oor jou gestel het.

(Les 7: Deel 2 van 2)

Lees: 1 Samuel 18:17, 23 en 30, asook 24:15 en 26:20

Dawid het Saul as koning bly aanvaar al het die Here sy Gees van Saul onttrek (1 Samuel 16:14) en hom verlaat (1 Samuel 18:12), en al was Dawid reeds tot koning gesalf. Hy het dit gedoen selfs al het Saul van hom sy persoonlike vyand gemaak en hom voortdurend probeer doodmaak.

Dawid kon dit net doen omdat hy, ten spyte van sy suksesse, nederig gebly het. Die lofsange van mense het nie na sy kop toe gegaan nie (1 Samuel 18:17, 23 en 30). Hy het homself 'n vlooi en 'n dooie hond genoem; 'n arm man sonder aansien (1 Samuel 18:23 en 24:15, asook 26:20). Dawid het dit reggekry om Saul se gesag oor hom te aanvaar omdat hy geweet het dat God hom suksesvol gemaak het (1 Samuel 16:18, 17:45-47 en 18:15). Dit was nie sy eie vermoëns nie.

Wanneer 'n mens te veel van jouself dink, is dit baie moeilik om gesag te aanvaar. Dis selfs moeiliker as jy oortuig is dat die Gees kragtig in jou werk, maar nie in dié wat gesag oor jou het nie. Selfs Christus het hom onderwerp aan die gesag van Pilatus, omdat God dit aan Pilatus gegee het (Johannes 19:11).



As jy belangriker as die mense in die regering wil wees, moet jy hulle dien (Markus 10:42-45). Dink en bid hoe jy die owerheid kan help om regverdig en billik oor almal te regeer, en nie net hoe hulle jou kan help nie (Filippense 2:3-4).

Dink, gesels, bid en luister:

1. Sukkel jy om die gesag wat God oor jou aangestel het, te aanvaar? Is hoogmoed dalk jou probleem?
2. Suid-Afrikaanse boere is van die beste boere ter wêreld. Hoe bly mens nederig as jy goed en beter is as baie ander?
3. Hoe kan jy die regering help om regverdig en billik oor almal te regeer?
4. Hoe kan Christen-ouers hulle kinders leer om eerbied en respek vir gesag te hê wanneer baie leiers en gesagsfigure (ook pa's en onderwysers) hulle gesag misbruik?

Onthou:

Aanvaar die gesag wat God oor jou gestel het. "Elke mens moet hom onderwerp aan die owerhede wat oor hom gestel is. Daar is immers geen gesag wat nie van God kom nie, en die owerhede wat daar is, is daar deur die beskikking van God. Wie hom teen gesag verset, kom dus in opstand teen die ordening van God; en wie in opstand kom, sal sy verdiende straf kry." (Romeine 13:1-2)

Voorbidding:

- † Bid dat landbouers die gesag wat God oor hulle gestel het, sal aanvaar.
- † Bid dat landbouers lojale en gewaardeerde landsburgers sal wees en bly.
- † Bid dat regerings, presidente en konings nie hulle gesag sal misbruik vir persoonlike gewin nie.
- † Bid vir leiers. Vra dat die Here hulle met integriteit én vaardigheid sal seën (Psalm 78:72).



Dag 23

Wees geduldig en gebruik elke geleentheid om te leer en te groei.

(Les 8: Deel 1 van 3)

Lees: 1 Samuel 16:1 en 13, asook 2 Samuel 5:4-5

In 1 Samuel 16 word Dawid as koning gesalf. Eers na ongeveer 10 jaar word hy koning oor Juda. Nog sewe en 'n half jaar later word hy koning oor die héle Israel (2 Samuel 5:4-5).

Dawid was dus meer as 10 jaar in God se “skool”. Dit was tien moeilike jare vol vrees en benoudheid (1 Samuel 20:3 en 23:26, asook 27:1). Dié 10 jaar was méér as 'n oefening in geduld en 'n beproewing van sy geloof. Die Here het in dié tyd Dawid se karakter gevorm. Hy het sy leierskap ontwikkel deur hom leier van 'n baie moeilike groep mense te maak (1 Samuel 22:2 en 30:22). Só het Hy hom toegerus om koning te word.

Dié skaapwagter moes leer dat dit nie 'n ligtelike saak is om die gesalfde van die Here te wees nie. Hy moes leer hoe die koninklike huishouding werk. Daarom moes hy eers in diens van die koning kom voor hy self koning kon word (1 Samuel 18:2 en 19:7). Hy moes eers die koning se wapendraer word (1 Samuel 16:21), toe die aanvoerder van 'n leërafdeling (1 Samuel 18:13-14) en later die aanvoerder van die héle weermag van Israel en Juda (1 Samuel 18:16). Hy moes van 'n onbekende skaapwagttertjie vorder tot iemand met groot aansien (1 Samuel 18:30). Die hele Israel en Juda moes hom liefkry (1 Samuel 18:16). Eers dáárna het hy koning geword.

Geloof en geduld is soos 'n tweeling - die een kan nie sonder die ander nie. Geloof is om nie haastig te raak met God nie (vgl. Jesaja 28:16 in die 1953-Afrikaanse Vertaling of die American Standard Version); Hom nie te probeer aanjaag nie. Hy gebruik al die tyd wat Hy nodig het om mense te vorm en hulle karakter te bou - nie omdat Hy tyd nodig het nie, maar omdat Hy met mense werk. En mense leer, verander en groei maar stadig!

Wees geduldig! Aanvaar dat daar 'n rede is waarom jy soms deur beproewing móét gaan: jou geloof is kosbaarder as goud. Die egtheid en opregtheid van jou geloof moet getoets word om seker te maak dis nie net 'n weerkaatsing van jou sukses en voorspoed nie (Job 1:8-11 en 1 Petrus 1:6-7). Jou karakter moet ontwikkel. Jy moet meer soos Jesus wees. Jy moet sý beeld vertoon (Romeine 5:1-5 en Hebreërs 12:4-12).



Dink, gesels, bid en luister:

1. Vra wat God jou in en deur jou huidige omstandighede wil leer. Hoe wil Hy jou karakter bou? Watter sonde wil Hy uit jou lewe verwyder? Watter onvrugbare lote wil Hy afsny (Johannes 15:2)? Jy snoei mos jou bome en verwyder ook alle klippe uit jou lande omdat jy wil hê dit moet meer vrug dra en 'n groter oes lewer. Dalk wil Hy hê jy moet Hom in jou moeilike omstandighede op 'n nuwe manier leer ken. So het Lasarus se susters Jesus leer ken as die Opstanding en die Lewe by hulle broer se graf (Johannes 11)! Jy kan God ook op 'n nuwe manier leer ken.
2. Sonder lyding en swaarkry verander 'n mens nie sommer nie. Inteendeel, jy bly rustig in jou gemaklike sit. Soek die groei-geleentheid in jou pyn-verleentheid! Watter nuwe dinge wil God hê moet jy leer? Watter nuwe vaardighede moet jy bemeester? Van watter karaktereenskappe moet jy ontslae raak en watter moet jy aanleer?
3. Is jou personeel lief vir jou (vgl. 1 Samuel 18:16)? Jy het 'n beter invloed op mense wat jou liefhet, as op mense wat vir jou bang is!

Onthou:

Wees geduldig en gebruik elke geleentheid om te leer en te groei, omdat God in jou 'n koning sien. Leer om 'n koning vir God te wees. Jou omstandighede bied jou die geleentheid om nuwe vaardighede te bemeester en om nuwe gewoontes te begin aanleer. Elke pyn-verleentheid bied 'n groei-geleentheid! Word beter, nie bitter nie.

Voorbidding:

- † Moenie net bid dat God jou omstandighede sal verander nie. Bid dat Hy jou karakter sal verander en nuwe vaardighede sal leer.
- † Bid vir geduld wanneer jy met mense moet werk, maar sukkel.
- † Bid vir die bemagtiging van 'n nuwe generasie jong boere wat na *Living and Farming God's Way* sal strew.
- † Bid vir die oordra van kennis en vaardighede deur ouers aan hulle kinders. Bid dat ouers hulle kinders in ooreenstemming met die Woord van God sal grootmaak.



Dag 24

Wees geduldig en gebruik elke geleentheid om te leer en te groei.

(Les 8: Deel 2 van 3)

Lees: 1 Samuel 22:2, asook 30:6 en 22

Dawid moes leer om mense te lei voordat hy die leier van God se volk kon word. Hy was die jongste kind en moes net 'n klompie vee in die droëveld oppas (1 Samuel 17:28). Hy het nie met mense gewerk of hulle gelei nie. Daarom het die Here hom eers 400 man gegee, en later 600 (1 Samuel 22:2 en 30:9). Maar dit was nie maklike manne nie! Hulle was verbitterde, onbetroubare moeilikheidmakers en baie was sommer net sleg, niks werd en gevaarlik. Op 'n keer was hulle só bitter dat hulle Dawid sommer met klippe wou doodgooi (1 Samuel 30:6). Dawid het seker dikwels gewens dat sy volgelingen betroubaar, hardwerkend, lojaal, begrypend, insiklik en tevrede sou wees - maklike mense! Maar die moeilike mense wat God hom gegee het, was die ideale groep om Dawid se leierskap te ontwikkel. Vaardighede om die see aan te durf, word nie in die veiligheid van 'n hawe aangeleer nie.

Sukkel jy met jou personeel? Voel dit vir jou of hulle net soos Dawid se manne is? Moenie oor hulle kla nie. Kla maak jou nie 'n beter leier nie. Jy hoef nie 'n *vaardige* klakous te word nie. Die Here het hulle onder jou sorg geplaas om jou leierskap te ontwikkel. *Jy moet hulle lei van waar hulle is na waar God hulle wil hê.* Beskou dit as 'n uitdaging om hulle te ontwikkel tot die beste werkers. Sommige kan jy dalk bemagtig om selfstandige boere te word. Maar dan moet jy geduldig wees en elke geleentheid benut om te leer en te groei.

Dink, gesels, bid en luister:

1. Waarom het die Here dié mense wat vir jou werk onder jôu sorg geplaas?
2. Daar is boere en ander wat gedurig die regering kritiseer en voorgee dat hulle presies weet hoe om die land met sy miljoene mense te regeer. Maar hulle kry dit nie eers reg om die paar werkers wat die Here aan hulle sorg toevertrou het, suksesvol te lei nie. Daar is plaaswerkers en grondlose mense wat voorgee dat hulle 'n plaas goed kan bestuur en daarom een wil hê. Maar hulle kan nie eers hulle eie huis goed regeer of die fiets wat hulle besit, goed oppas nie. Watter raad wil jy aan al dié mense gee?



Onthou:

Wees geduldig en gebruik elke geleentheid om te leer en te groei, omdat God in jou 'n koning sien. Leer om 'n koning vir God te wees. Wees geduldig en gebruik elke geleentheid daarvoor. Ontwikkel jou leierskap!

Voorbidding:

- † Bid dat landbouers goeie boere én goeie leiers sal wees. Bid dat hulle sal leer hoe om hulle kinders, werkers en gemeenskap te lei van waar hulle is, na waar God hulle wil hê.
- † Bid dat boere nie net landbouvaardighede sal aanleer nie, maar ook die vermoë om reg en liefdevol met mense te werk.
- † Bid vir die opleiding en bemagtiging van plaaswerkers.
- † Bid vir landbouskole en -kolleges. Bid ook vir landboufakulteite aan universiteite.
- † Bid vir die **GF4GF-Centres** wat AMOS plant. GF4GF staan vir “*Good Foundations for Good Fruit.*” GF4GF-Centres is klein, veeldoelige opleidingsplase waar jongmense se leierskap en landbouvaardighede ontwikkel word; waar jongmense 'n goeie fondasie kry om goeie vrugte te dra.
- † Bid vir die plant van meer **GF4GF-Centres** in Suid-Afrika en Afrika. Praat met die Here oor jou betrokkenheid daarby. (Besoek www.gf4gfcetres.co.za)

Dag 25

Wees geduldig en gebruik elke geleentheid om te leer en te groei.

(Les 8: Deel 3 van 3)

Lees: 1 Samuel 18:10-14, 17 en 21, asook verse 29-30

Saul het van taktiek verander omdat die mense lief was vir Dawid. Hy het besluit om nie langer self te probeer om Dawid dood te maak nie (1 Samuel 18:16). Hy het Dawid in lewensgevaarlike situasies ontplooi. Hy het hom aangestel as hoof van 'n leërafdeling in die hoop dat hy aan die voerpunt van die geveg sou sterf. (Dis presies wat Dawid jare later met Uria, die man van Batseba, gedoen het. En die Here het dit as moord beskou. 2 Samuel 11:14-22 en 12:9-10).

Toe dit nie werk nie, het Saul Dawid se armoede uitgebuit. Hy het geweet Dawid het nie veel om aan te bied om met sy dogter te trou nie. Hy vra



toe 'n gruwelike ding, met die hoop dat Dawid deur die Filistyne doodgemaak sou word. Dawid moes vir hom 'n honderd voorhuid van Filistyne as huweliksvergoeding bring (1 Samuel 18:25).

Maar Dawid het geleer om die kwaad wat Saul hom wou aandoen tot sy voordeel te benut. Hy het dadelik twee keer meer gedoen as wat die koning gevra het (1 Samuel 18:26-27). Saul se plan het misluk. Dit het presies die teenoorgestelde uitwerking gehad as wat hy gehoop het (1 Samuel 18:28-30).

Of jy nou 'n werkgewer of 'n werknemer is, jy moet ook leer om die kwaad wat die duiwel of mense jou wil aandoen, tot jou voordeel te gebruik. Jy kán dit doen, want God laat alles ten goede meewerk vir dié wat Hom liefhet (Romeine 8:28)! Wees ingestel daarop om jou pyn-verleenthede in groei-geleenthede te omskep. Dis 'n belangrike vaardigheid om aan te leer. Maar om dit reg te kry, moet jy God vra om eers jou denke te verander. Jy moet anders begin dink sodat jy kan weet wat die wil van die Here is (Romeine 12:2).

Dink, gesels, bid en luister:

1. Het jy al geleer dat daar in elke pyn-verleentheid 'n groei-geleentheid is? Hoe kan jy jou huidige probleme gebruik om geestelik te groei én om 'n beter landbouer te word?
2. Is iemand dalk besig om jou te probeer bykom? Vra jy nog die Here om jou te bewaar van die slinkse planne van mense of die duiwel?
3. Is jý dalk besig om iemand anders te probeer bykom? Waarom is dit nie 'n goeie idee nie? Lees Spreuke 26:27!
4. Hoe word die verleentheid van arm mense vandag nog uitgebuit? Hoe word mense se onkunde uitgebuit?
5. Moenie vandag gryp wat God môre vir jou wil gee nie. As jy dit doen, mors jy jou môre op. Wees geduldig en gebruik elke geleentheid om te leer en te groei.

Onthou:

Wees geduldig en gebruik elke geleentheid om te leer en te groei, omdat God in jou 'n koning sien. Leer om 'n koning vir God te wees. Gebruik die kwaad wat mense aan jou wil doen, of gedoen het, as 'n geleentheid om te leer. Sien elke mens as 'n onderwyser by wie jy iets kan leer. Sien elke situasie as 'n klaskamer waarin jy onderrig kan kry.



Voorbidding:

- † Bid dat almal wat in *Amos Agrimin* werk of by *AMOS* betrokke is, onder beheer van die Gees sal lewe. Hulle moet in elke opsig 'n goeie voorbeeld vir ander wees. Bid dat die Here hulle sal bewaar teen elke aanslag wat poog om die werk te ondermyn.
- † *Wees geduldig en gebruik elke geleentheid om te leer en te groei.* Bid dat landbouers dit sal onthou en doen!
- † Bid vir die bewaring en beskerming van God se kinders teen alle aanslae van die Bose.
- † Bid dat landbouers goeie rolmodelle sal wees: mense wat leef en boer volgens Bybelse waardes en norme.

Dag 26

Moenie passief en traak-my-nie-agtig word nie. Dóén wat God sê!

(Les 8)

Lees: 1 Samuel 24:7-8; 26:9-11 en 30:22-25

Probleme wat aanhou en aanhou en omstandighede wat nie verbeter nie maak mens lewensmoeg. Tien jaar is 'n lang tyd, maar Dawid het nooit opgegee nie! Hy het nooit gesê: “*What will be, will be*” en dan niks gedoen nie. Dit sou nie 'n teken van geloof wees nie, maar van roekelose ongeloof. Die Here het Dawid op baie verskillende maniere bewaar en beskerm, maar hy het nié niks gedoen nie. Hy was 'n aktiewe rolspeler: hy het gebid, die Here se leiding gesoek, gehoorsaam gedoen wat God gesê het, geveg, gekoes en gevlug. Hy het standpunt ingeneem, risiko's geloop, dinge gewaag en baie geleer. Hy het strategies beplan, na raad geluister en versigtig vorentoe beweeg (1 Samuel 25:32-35).

Bly glo dat jou Vader jou wil, kan en sal beskerm en versorg wanneer die droogte jou vang; jy een misoes na die ander het; die grond waarop jy jare reeds woon en werk skielik verkoop of deur 'n grondeis geraak word; as jou pa nie weet wanneer om af te tree en oor te gee nie; wanneer jou werkgewer onverwags sterf of jy oornag ongeskik raak om te werk; wanneer jou toekoms donker lyk as gevolg van 'n verkeerde besluit of iets buite jou beheer; of as jou lewe deur plaasaanvalle bedreig word. Dit mag jou nooit passief maak nie. Wat ook al jou situasie, vra wat die Here wil hê jy moet doen, en dóén dit!



As jy glo, sal jy dóén wat God sê. Om passief en traak-my-nie-agtig te wees, beteken dat jou geloof dood is. Dis ongeloof! 'n Vriend van my wat baie lief vir die Here is, het een van die beste e-posadresse wat ek nog gesien het: **endoendit@....** En dit is presies hoe en wie my vriend is. Hy is 'n dienaar van die Here. Hy dien God en sy medemens. In gehoorsaamheid doen hy eenvoudig wat gedoen moet word.

Êrens het ek gelees: *Om met 'n groot probleem te worstel, is soos om met 'n gorilla te veg. Jy hou nie op wanneer jy moeg is nie. Jy hou aan totdat die gorilla moeg is.*

Dink, gesels, bid en luister:

1. Daar is mense wat daarop roem dat hulle glo dat dít wat móét gebeur, sál gebeur. Dan doen hulle niks. Maar daar is 'n groot verskil tussen om jou aan die noodlot oor te gee en om jou aan God oor te gee. Die eerste maak jou passief. Dit is afgodery! Om aan God oor te gee, motiveer jou tot dade van geloof en gehoorsaamheid! Wat glo jy?
2. Geloof is nie om te doen wat jy dink reg is nie, maar om te doen wat God sê jy moet, selfs al klink dit na nonsens. (Onthou dat een van die eerste kenmerke van God's Way is dat dit so radikaal anders is, dat dit dikwels na nonsens klink.)² Daarom is jou persoonlike verhouding met die Here so belangrik! Hoe lyk jou persoonlike verhouding met Hom?
3. Wat wil die Here hê moet jy in jou huidige situasie doen?
4. Ek het gelees van 'n man wat met sy bekering vir die Here gesê het: ***“Here, U sal in die toekoms nog dikwels met my onkunde sukkel, maar nóóit met my gehoorsaamheid nie.”*** Dít is 'n vaste verbintenis tot gehoorsaamheid! Is jy bereid om dieselfde te bid?

Onthou:

Moenie passief en traak-my-nie-agtig word nie. Dóén wat God sê! As jy niks anders meer kan doen nie, bly praat mét die reus. Sê wat moet gebeur op grond van Jesus se finale oorwinning deur sy sterwe en opstanding.

Voorbidding:

- † Verbind jou tot gehoorsaamheid.
- † Bid dat landbouers wat swaarkry en sukkel, nie passief of fatalisties sal raak nie, maar sal doen wat God sê!
- † Bid vir mense wat lewensmoeg is.

² 40-Dae Gebedsfokus op die Landbou 2018: Living and Farming God's Way, Dag 12 - 15



Dag 27

Leef met integriteit!

(Les 9)

Lees: 1 Samuel 24:5-8 en 26:7-11, asook 30:22-25

Dawid se lewe en optrede moes wys dat hy 'n waardige troonopvolger sou wees! Iemand sonder integriteit kan nie God se koning wees nie. Dawid het twee keer die kans gehad om Saul te vermoor, maar hy het geweier om dit te doen. Hy het nie een ding gesê terwyl hy stilletjies sy kans afgewag het om iets anders te doen nie. Dis 'n teken van integriteit. Dawid het ook nie voor groepsdruk geswig nie. Hy het hom nie laat intimideer om te doen wat verkeerd is nie. Selfs toe sy manne hom probeer oortuig het dat dit die wil van God is om Saul dood te maak, het hy geweier. Hy het nie toegegee aan die druk van slegte, selfsugtige en onregverdige manskappe om partydig te wees nie (1 Samuel 30:23-25), selfs al wou hulle hom kort tevore met klippe doodgooi (1 Samuel 30:6). Hy het duidelik standpunt teen hulle ingeneem en gesê dat hulle voorstel onaanvaarbaar en verwaand is. In teenstelling daarmee was Saul ongehoorsaam aan God omdat hy vir sy manskappe bang was (1 Samuel 15:24). Dawid was ook nie bereid om die eer wat God toekom, vir homself te gryp nie, al wou die slegte manne dit doen (1 Samuel 30:23-24). Dit alles is tekens van sy integriteit.

Dawid se integriteit blyk ook uit die feit dat hy sy woord gehou het. Hy het teenoor Jonatan en Saul onderneem om sorg te dra vir hulle nageslag, en hy het dit gedoen ten spyte van wat Saul aan hom gedoen het (1 Samuel 20:13-17; 24:21-23; 2 Samuel 9).

Ons as landbouers moet bekend staan vir ons integriteit. Ons moenie op ons eie vermoëns begin roem nie. Dit is die Here wat ons bekwame boere maak (vgl. Deuteronomium 8:10-20). Waak teen groepsdruk. Dit gebeur so maklik dat ons in 'n geselskap kom waar werkers of werkgewers beledig en beskinder word, en dan praat ons saam. Of ons neem net so ywerig deel aan negatiewe gesprekke wat mense wanhopig maak. Ons praat dieselfde taal as die kleingelowiges. Ons is dikwels skaam en bang om tydens vergaderings teen negatiewe en selfsugtige voorstelle standpunt in te neem.

Ons moenie so lewe dat mense, en veral die regering, rede het om ons as boere te wantrou nie. Ons integriteit moet vir almal duidelik wees.



Dink, gesels, bid en luister:

1. Hou jy altyd jou woord, selfs al is dit tot jou nadeel? Doen eerlike besigheid. Lees Psalm 15:4b en Matteus 5:37a.
2. Het jy 'n verskuilde agenda? Maak jy asof jy die belang van jou werkers, óf jou werkgever, óf die land op die hart dra, terwyl jy eintlik net jou eie belange probeer bevorder?
3. Hoe dikwels en maklik swig jy voor groepsdruk? Waarom?
4. In 2001, tydens die grondkrisis in Zimbabwe, het 'n paar Christenboere mekaar gereeld daaraan herinner: *Don't expect justice, but always act justly!* Wat dink jy van dié raad? Is dit 'n teken van integriteit?

Onthou:

Leef met integriteit. Moenie mense onder 'n wanindruk bring nie. Laat jou ja, ja wees en jou nee, nee. Wees in alle opsigte betroubaar!

Voorbidding:

- † Vra die Here om jou en jou huis te help om altyd met integriteit te lewe.
- † Bid dat landbouers met integriteit sal leef en boer.
- † Kulturele tradisies en godsdienstige oortuigings verhoed dikwels dat mense *Living and Farming God's Way* uitleef. Wat ander mense dink en sê is vir hulle belangriker as "*God's Word, God's Will and God's Way*". Bid teen groepsdruk en intimidasie wat so deel van die landelike en boerderygemeenskap is.
- † Bid vir eerlike en oop verhoudings sonder verskuilde agendas.
- † *Amos Agrimin* is 'n veelrassige organisasie. Bid dat die Here ons sal help om die hêle landbougemeenskap te dien en nie die belang van een groep bo die van 'n ander te stel nie.



Dag 28

Dink vooruit!

(Les 10: Deel 1 van 2)

Lees: 1 Samuel 25:1b-35

Dawid en sy mense het goed aan Nabal se veewagters gedoen. Miskien het hulle vooruit gedink; gedink dat hulle Nabal se goedgesindheid later nodig sou hê.

Toe dit wel gebeur, het hulle Nabal volgens gebruik, met mooi wense gegroet en beleefd om hulp gevra (1 Samuel 25:1-9, asook 15-16). Maar Nabal het Dawid beledig deur hom met 'n wegloopslaaf te vergelyk en sy versoek geweier (1 Samuel 25:10-12, asook 21). Toe het Dawid nie langer vooruit gedink nie. Sy ego is geknou. Sy identiteit as die toekomstige koning is misken. Sy goedgesindheid is met vyandskap beantwoord. Hy het hom bloedig vererg en besluit om dadelik wraak te neem (1 Samuel 25:13 en 22). Let daarop dat Dawid nie soos vorige kere eers die raad van die Here gevra het nie (1 Samuel 23:2, 4 en 10-12, asook 30:6-8).

Vir 'n oomblik het Dawid *nie vooruit gedink nie*. Hy het nie daaraan gedink dat God in hom 'n koning sien nie. Hy het net *teruggedink* aan die kwaad wat Nabal hom aangedoen het (1 Samuel 25:21). Wanneer jy onder druk is en swaarkry, moet jy versigtig wees met wat in jou kop gebeur!

As jy begin *terugdink* aan wie jou almal op watter manier verontreg het, begin jy hulle blameer vir jou omstandighede en die skuld gee vir jou ellende. Jy word bitter. Dan het jy nie krag om op te staan en vorentoe te gaan nie. Jou kop is vol wraakgedagtes.

Óf jy kan *vorentoe dink*. Waartoe is ek geroep? Wat sien God in my? Dit sal aan jou die energie gee om in die Naam van Koning Jesus op te staan en doelgerig aan jou toekoms te bou.

Dawid wou impulsief optree. Maar God was goed! Hy het vir Abigajil, 'n mooi vrou met insig en 'n goeie verstand (1 Samuel 25:3 en 33), gebruik om Dawid te help om weer perspektief te kry. Abigajil het Dawid aan die waarheid omtrent homself, aan sy identiteit, herinner. Sy het hom verseker dat God se woord waar sál word. Dat hy koning sál word. Sy het by hom gepleit om nie oorhaastig te wees en iets te doen wat later, wanneer hy koning is, vir hom tot gewetenswroeging kan wees nie (1 Samuel 25:30-31).



Wat die Here oor die toekoms van sy kinders sê, is die waarheid. In ons sien Hy vir Hom konings. Hy gaan ons verander om soos Jesus te wees en ons in sy heerlijkheid laat deel (Romeine 8:1, 17, 29 en 30, asook 33-34). Ons sit reeds saam met Christus in 'n magsposisie. Ons gaan saam met Hom as konings oor die aarde regeer (Efesiërs 2:6 en Openbaring 5:10). Wat ook al in die tussentyd met ons gebeur, niks kan ons van sy liefde skei nie (Romeine 8:37-39). Dis die *waarheid*, selfs al beskou ander jou as 'n wegloperslaaf (1 Samuel 25:10).

Dink vooruit aan al dié beloftes. Raak opgewonde oor jou toekoms en los die verlede agter jou.

Dink, gesels, bid en luister:

1. Wanneer is mense oor die algemeen geneig om nie vóóruit te dink nie? Wanneer is jy geneig om kop te verloor en dom dinge te doen? Hoekom?
2. **" 'n Verstandige mens betuel sy humeur en stel sy eer daarin om vergewensgesind te wees (Spreuke 19:11). 'n Stad sonder 'n muur om hom te beskerm, so weerloos is 'n mens as hy nie selfbeheersing het nie" (Spreuke 25:28. Lees ook 22:24; 29: 20 en 22).** Dink en gesels oor selfbeheersing. Wat maak dat jy jou selfbeheersing verloor en impulsief optree?
3. Slegte eienskappe kom altyd in 'n pakkie! Hoeveel van Nabal se swak eienskappe (vers 3b en 25, asook 36) is deel van jou karakter? Wat gaan jy daaromtrent doen?
4. Wie help jou om vooruit te dink? Het jy 'n *Abigajil*, iemand wat verstandig is en goeie insig het, in jou lewe? Kan jy dit waag om nie só iemand in jou lewe te hê nie? Waarom sê jy so?
5. Wat laat jou bloed kook en keer dat jy nugter dink? Byvoorbeeld: Wat maak dat jy in die versoeking kom om ook korrupt te raak en oneerlik te wees? Om jou probleme met drank te probeer oplos? Om 'n ander man se vrou te steel? Om rassistiese uitlatings te maak? Om jou huweliksmaat aan te rand? Watter gevolge kan sulke optrede hê?

Onthou:

Dink vóór jy praat! Dink vóór jy doen! Dink nugter! *Dink vóóruit!*



Voorbidding:

- † Bid dat jy en jou vriende vooruit sal dink, veral wanneer julle verontreg en beledig voel.
- † Bid vir jou *Nabal*-vriende en -familie! Daardie onvoorspelbare en onbeskofte mense; die moeilike korrelkoppe wie se humeur kort-kort opvlam; dié mense wat sonder selfbeheersing vloek en skel.
- † Vra emosionele genesing vir almal wat met bitterheid in hulle hart worstel. Onthou, bitterheid is die een ding wat beslis jou lewe en jou toekoms sal vernietig. Raak daarvan ontslae deur dadelik te vergewe!
- † Bid vir selfbeheersing. Dis deel van die vrug van die Gees (Galasiërs 5:22-23).
- † Bid vir vroue in die landbou.

Dag 29 Dink vooruit!

(Les 10: Deel 2 van 2)

Lees: 1 Samuel 25:32-39a

Alle besluite het gevolge: korttermyn en/of langtermyn, goed en/of sleg. Soms is die onmiddellike gevolg van 'n besluit goed, maar op die langtermyn is dit sleg. Ander kere is die onmiddellike gevolg weer sleg, maar op die lange duur baie goed. Dink altyd of jy bereid is om met die gevolge van jou besluite en keuses saam te leef. Dink vooruit!

Dawid wou die reg in eie hande neem om onmiddellik 'n goeie uitkoms te kry. Hy het nie verder gedink nie. Hy was impulsief en wou Nabal onmiddellik 'n les leer! Maar Abigajil het verder gedink. Sy het aan die langtermyn-gevolge gedink. Sy het besef dat dit wat vandag reg lyk, in die toekoms tot gewetenswroeging gaan lei. Daarom het sy Dawid gehelp om vooruit te dink.

As Dawid die reg in eie hande geneem het, sou die onmiddellike gevolg positief gewees het. Almal sou weet om nie met Dawid te mors nie. Dawid sou daardie dag soos 'n wenner en koning gevoel het. Maar sy gewete sou hom beslis mettertyd begin pla het. Sy behoefte om onmiddellik in beheer te wees, sou sy vermoë om op die lange duur as koning in beheer te bly, ondermyn. Maar soos die spreekwoord sê: *Spyt kom altyd te laat!*



Om vooruit te dink, is ook om aan die Woord van die Here te dink. Wat sê die Woord? Wat gaan in die toekoms gebeur? Wat sal God altyd vir sy kinders doen?

Die Here behartig die regsak van sy kinders. ***"Die kwaad wat die goddelose doen, bewerk sy eie ondergang: vir sy vyandskap teen die regverdige sal hy boet"*** (Psalm 34:22). Die Here is naby die gebrokenes en Hy help die moedeloses. Hy beskerm die swakkes teen die wat sterker is en Hy bevry die armes van dié wat hulle beroof (Psalm 34:19-20 en Psalm 35:9-10). Vroeër of later draai die wiel en die Here verhang die bordjies (Psalm 37:1-20 en verder). Daarom kan ons maar doen wat die Here sê: ***"Moenie kwaad word nie, laat staan die woede, moet jou nie ontstel nie: dit bring net ellende"*** (Psalm 37:8).

Die Here het Dawid se regsak behartig. Nabal het twee beroerte-aanvalle gekry en gesterf (1 Samuel 25:37-38). Saul het gedurig probeer om Dawid dood te maak, maar uiteindelik het hy homself doodgemaak (1 Samuel 31:4b). Wat Dawid in 1 Samuel 26:10 gesê het, het gebeur. Die Here sal ook jou saak behartig. Hy het al die inligting en ken al die feite. Hy oordeel regverdig. Niks gaan ongemerk by Hom verby nie. Ook nie jou nood nie! Al duur jou krisis ook hoe lank, onthou God is in staat om die bordjies te verhang en sy doel en bestemming met jou te bereik.

Dink, gesels, bid en luister:

1. Moenie oorhaastig optree nie - dit laat jou foute maak (Spreuke 19:2). Moenie jou selfbeheersing verloor nie - dit maak jou weerloos en stel jou onnodig aan gevaar bloot (Spreuke 25:28). As jy kort van draad is en praat en doen sonder om te dink, is daar vir jou minder hoop as vir 'n dwaas. Dan is sonde jou voorland (Spreuke 29:20 en 22).
2. Wat ook al met jou gebeur; hoeveel pyn en lyding jy ook al ervaar; hoeveel onreg jy verduur; hoe intens jou belewing dat God jou vergeet het ook al is, maak soos Christus. Dink aan die toekoms en die mooi wat dit inhou (Hebreërs 12:1-4). Bly fokus op jou ewige erfenis! God bewaar hierdie erfenis vir jou. Maar Hy bewaar jou ook vir die erfenis (1 Petrus 1:3-9). Moet dit nooit vergeet nie!
3. Dink mooi. Het jy al gesien hoe God die regsak van sy kinders behartig? Hoe, waar en wanneer het jy dit gesien?
4. Het jy al gesien hoe God die bordjies in iemand se lewe verhang? Onthou, Hy kan, wil en sal ook die bordjies in jou lewe verhang. Hy kan op meer as een manier vir jou uitkoms gee.



Onthou:

Dink vooruit! Dink vooraf aan die gevolge, vóór jy iets aanvang. Dink ook aan wat God in sy Woord oor jou toekoms sê.

Voorbidding:

- † Bid dat *Amos Agrimin* in alle omstandighede 'n draer en verkondiger van hoop sal wees omdat God die bron van alle hoop is (Romeine 15:13. Lees ook vers 5)! Bid dat *AMOS* altyd die rol van Abigajil in die lewe van landbouers sal speel.
- † Bid dat landbouers vooruit sal dink. Bid dat die Here hulle sal help om nie onbesonne dinge in moeilike tye aan te vang nie.
- † Bid dat mans bereid sal wees om na die verstandige raad van hulle vrouens te luister en aan die toekoms sal dink.
- † Bid Hebreërs 10:35-36 ***"Julle geloofsvertroue moet julle dus nie prysgee nie: dit hou 'n groot beloning in. Volharding is wat julle nodig het om die wil van God te doen en te ontvang wat Hy belooft het."***
- † Vra vir die Here in wie se lewe jy die rol van Abigajil moet speel. Bid vir die persoon en doen dan wat God sê.

Dag 30

Dis God se reg om te straf!

(Les 11)

Lees: 1 Samuel 24:10-16; 25:39 en 26:9-11

Dawid het geweet dis God se reg om te straf. Nadat hy Saul se lewe vir die eerste keer gespaar het, vertel hy vir Saul waarom hy hom nie doodgemaak het nie: ***"Die Here sal regter wees en Hy sal regspreek tussen ons. Hy sal sorg en my saak behartig en aan my reg verskaf teenoor u"*** (1 Samuel 24:16). Dawid was oortuig dat die Here sou ingryp en Saul 'n vroeë dood laat sterf (1 Samuel 26:9-11). Hy hoef hom nie self dood te maak nie.

Later het Saul selfmoord gepleeg (1 Samuel 31:2-5). Maar 'n jong Amalekiet het die eer vir homself gesoek en aanspraak daarop gemaak dat hy Saul



die finale doodsteek gegee het. Dit was baie verkeerd in Dawid se oë en hy het beveel dat dié man ook doodgemaak moes word (2 Samuel 1:1-16). Toe Nabal Dawid beledig het en Dawid hom bloedig vererg het, was hy op die punt om die reg in eie hande te neem (1 Samuel 25:1b-13). Gelukkig het Nabal se verstandige vrou tussenbeide getree en Dawid gemaan om nie die reg in sy eie hande te neem nie. Dawid het na haar geluister en in dankbaarheid erken dat dit die Here is wat hom van dié kwaad weerhou het. Toe Nabal na twee beroerte-aanvalle sterf, het Dawid bely dat die Here sy regsak behartig het en self vir Nabal gestraf het (1 Samuel 25:39).

Wanneer jy verontreg voel, is die versoeking om wraak te neem baie groot. Jy het dit seker al ervaar. Maar vermy wraakgedagtes. Bly weg van wraakgierige mense. Moenie maats maak met opvlieënde mense nie. Bly weg van mense wat kort van draad is – hulle sal jou in lewensgevaar laat beland (Spreuke 22:25).

Onthou, al word jy beledig, bedreig, verontreg en bevark, het jy steeds 'n keuse. Jy is 'n koning! Jy het die laaste sê. Bly in beheer van jou emosies. Neem die regte besluit! Moenie kwaad met kwaad vergeld nie. Doen wat die groot Koning in Lukas 6:27-36 sê. Volg sý voorbeeld (1 Petrus 2:18-24). *Onthou, dis nie die onreg wat jou aangedoen word wat jou koningskap bedreig nie. Dis jou reaksie op die onreg wat jou koningskap kan ondermyn.* In rugbytaal: Dis nie die hou wat jy kry wat jou 'n rooi kaart gee nie, maar die hou wat jy terugslaan wat jou van die veld afhaal. Moenie in dié strik trap nie. Dis dwaas om die reg in eie hande te neem. Jy sal jouself in ellende dompel as jy jou humeur verloor (Spreuke 19:11 en 19; 20:22 en 25:28).

Dink, gesels, bid en luister:

1. **"'n Stad sonder 'n muur om hom te beskerm, so weerloos is 'n mens as hy nie selfbeheersing het nie"** (Spreuke 25:28). **"Die Gees wat God ons gegee het, maak ons immers nie lafhartig nie, maar vul ons met krag en liefde en selfbeheersing"** (2 Timoteus 1:7). Hoeveel selfbeheersing het jy?
2. **"Moenie sê: 'Ek wil my wreek oor die kwaad wat my aangedoen is' nie; vertrou op die Here, en Hy sal jou help"** (Spreuke 20:22). Lees ook Romeine 12:19-21. Is jy bereid om mense wat jou kwaad aandoen te vergewe en goed aan hulle te doen soos die Here in Lukas 6:27 en verder beveel?
3. In watter ellende kan jy beland as jy alles wat jy in die hitte van die oomblik lus kry om te doen, impulsief doen?



4. Dikwels neem ons op 'n *“mooier en meer beskaafde”* manier self wraak. Ons praat net kwaad van mense wat ons veronreg het. Ons kom hulle by met 'n skerp en giftige tong (Matteus 5:21-22 en Jakobus 3:8b). Hoe pleit jy? Skuldig of onskuldig?

Onthou:

Dis God se reg om te straf. Moenie self wraak neem nie. Onthou, dis nie die onreg wat jou aangedoen word wat jou koningskap bedreig nie. Dis jou *reaksie* op die onreg wat jou koningskap kan ondermyn.

Voorbidding:

- † Bid vir selfbeheersing. Dis deel van die vrug van die Gees (Galasiërs 5:22-23).
- † Bid vir almal wat nog met bitterheid leef: bitterheid teenoor 'n ouer óf 'n kind, 'n werkgewer óf 'n werknemer, 'n buurman óf 'n sakevennoot. Bid dat die Here alle wraakgedagtes sal wegneem en dat mense mekaar van harte sal vergewe.
- † Mense voel deesdae dat misdadigers meer regte en beskerming geniet as gehoorsame landsburgers. Dit maak die versoeking vir landbouers om reg in eie hande te neem baie groot. Bid hierteen.
- † Bid vir die owerheid. Dis hulle verantwoordelikheid om die wat kwaad doen, te straf (Romeine 13:1-7).

Dag 31

Pasop vir vergelykings!

(Les 13)

Lees: 1 Samuel 18:6-16 en Galasiërs 6:3-5

Alle mense is nie so verstandig en bedagsaam soos Abigajil nie. Sommige gebruik hulle tonge soos vuurhoutjies om groot en onbeheerbare brande te stig.

Waar het al die moeilikheid tussen Dawid en Saul begin? By die lied van die vroue! 'n Lied waarin twee dapper manne se welslae teenoor mekaar afgespeel is: ***“Saul het sy duisende verslaan, maar Dawid sy tienduiseende! Daaroor het Saul hom verer, en dit het hom nie geval nie ...”*** (1 Samuel 18:7-8). Saul het bang en minderwaardig begin



voel. Toe was die gort gaar! Hy het Dawid begin wantrou, want Dawid het 'n bedreiging vir sy koningskap ingehou (1 Samuel 18:8-9).

Niks het nog verander nie. Die duiwel gebruik nou nog dié strategie. Wanneer mense met mekaar vergelyk word, lei dit altyd daartoe dat een groep meerderwaardig en verwaand word, en die ander groep verneder en minderwaardig voel. Moenie iemand se eer en menswaardigheid aantas nie. Dis 'n wenresep vir konflik.

Waak daarteen om voortdurend van “ons” en “hulle” te praat: hoe óns kan boer en hulle nie; hoe goed óns kan regeer en hulle nie; hoe baie óns weet en hoe min hulle weet; hoe goed óns is en hoe sleg hulle is. Dit maak seer. Dit skep wantroue en agterdog. Dit lei tot vyandskap, rassisme en “tribalism”. Moenie jouself met jou buurman vergelyk nie. Jy gaan óf verwaand raak, óf minderwaardig voel.

Om gedurig mense en hulle prestasies teen mekaar af te speel is om moeilikheid te soek. Dis die maklikste manier om verdeeldheid te skep. Hou dadelik op daarmee!

Dink, gesels, bid en luister:

1. Dink mooi oor wat jy sê. Is jy ook besig om swart en wit en bruin met mekaar te vergelyk en teen mekaar af te speel? Watter gevare hou dit vir landbou in as ons aanhou om mense met mekaar te vergelyk? Wat is die oplossing vir dié probleem?
2. Hoe voel jy oor jouself en jou bevolkingsgroep? Voel jy minderwaardig of meerderwaardig?
3. Lees Spreuke 13:10 en 30:32-33. Waartoe lei selfverheffing? Kan ons dít in die landbou bekostig?

Onthou:

Pasop vir vergelykings. Dit lei altyd tot 'n gevoel van minderwaardigheid of meerderwaardigheid. Verwaandheid lei altyd tot konflik.

Voorbidding:

- † Bid dat ons nooit in die landbou mense met mekaar sal vergelyk en teen mekaar afspeel nie. Bid vir groter eenheid tussen boere van verskillende rasse. Bid vir eenheid tussen werkgewers en werknemers. Bid dat elkeen se unieke bydrae opreg waardeur sal word, sonder om dit met dié van ander te vergelyk (Galasiërs 6:3-5).
- † Bid vir die effektiewe bemagtiging van die volgende generasie landbouers, ongeag hulle kleur.



† Bid vir nederigheid. Dis deel van die vrug van die Gees (Galasiërs 5:22-23).

Dag 32

Moet jou nie te veel steur aan wat mense van jou dink nie.

(Les 14: Deel 1 van 2)

Lees: 1 Samuel 13:14, asook 16:1, 13 en 18. Lees ook 17:28-30

God en sommige mense se siening oor Dawid het heeltemal verskil. Die Here het in Dawid 'n koning gesien, 'n man na sy hart. Een van die amptenare het hom as 'n mooi man, 'n begaafde lerspeler, dapper vegter en goeie spreker beskou (1 Samuel 16:18).

Maar Dawid se broers, veral die oudste, het nie dié siening gedeel nie. Hy het vir Dawid gesê: ***"Ek ken jou vermetelheid en kwaadwilligheid"*** (1 Samuel 17:28). Eliab het nie net na 'n spesifieke situasie verwys nie. Hy het te kenne gegee dat Dawid dikwels vermetel en kwaadwillig was. Volgens hom was dit hoe Dawid was – sy karakter! Hy het ook die belangrikheid van Dawid se werk verkleineer en sy verantwoordelikheid bevraagteken: ***"... en aan wie het jy daardie klompie vee in die droëveld afgegee"*** (1 Samuel 17:28)? Eliab het na Dawid gekyk deur die bril van sy eie pyn en seer. Hy het waarskynlik minderwaardig en verwerp gevoel omdat hy, die indrukwekkende oudste broer (1 Samuel 16:6-7), nie deur die Here gekies is om koning te word nie. Dit was vir hom 'n bitter pil om te sluk toe Dawid in sy teenwoordigheid tot koning gesalf is (1 Samuel 16:13). Die seer in sy hart was die oorsprong van sy lelike opmerkings. ***Waar die hart van vol is, loop die mond van oor.*** 'n Mens kan immers net gee wat jy het. Eliab het verwerping beleef en was bitter. Daarom het hy Dawid verwerp.

Dawid het hom egter nie aan sy broer se siening gesteur nie. Hy wou net weet wat met dié persoon sou gebeur wat vir Goliat verslaan en só God se eer beskerm (1 Samuel 17:26, asook verse 29-30).



Onthou, mense se opinie van jou is nie regtig belangrik nie. Dit wys dikwels net wat in hul eie hart aangaan. Hulle opmerkings sê meer oor hulleself as oor jou.

Die vraag is: Hoe sien God jou? Wat sien Hy in jou? Wie sien Hy in jou? As Hy sien dat Koning Jesus deur sy Gees in jou woon, dan sien Hy jou as 'n koning. Dan moet jy al hoe meer soos 'n koning dink en optree. Dan moet jou karakter só ontwikkel dat dit ooreenstem met die beeld en karakter van die Koning.

Jy weet nou dat God in jou vir Hom 'n koning sien. Tree op soos een!

Dink, gesels, bid en luister:

1. Waarom is ek en jy dikwels meer besorg oor wat mense van ons dink en sê as oor wat God van ons dink?
2. God se eer word dikwels in 'n geselskap en by funksies deur vuil grappe en lasterlike opmerkings aangetas. Is jy al as vermetel afgemaak as jy standpunt inneem en God se eer beskerm?
3. Onthou, mense se opinie van jou is nie regtig belangrik nie. Dikwels wys dit net wat in hul eie hart aangaan. Hulle opmerkings sê meer oor hulleself as oor jou.
4. Mense veroorloof hulle om dinge te doen wat teen die Woord en wil van God is: onsedelikheid, pornografie, homoseksualiteit, dronkenskap, okkultiese aktiwiteite, rassistiese opmerkings en blatante oneerlikheid. Maar iemand wat iets daarteen sê word as aanmatigend, verwaand en vermetel beskou. *“Wie gee hulle die reg om oor ander te oordeel?”* word gevra. My teenvraag is: *Het net mense dan die reg om te doen wat hulle wil, of het God ook die reg om geëer en gehoorsaam te word?*

Onthou:

Moet jou nie te veel steur aan wat mense van jou dink nie. Dis God se siening van jou wat tel. Hy sien in jou vir Hom 'n koning!

Voorbidding:

- † Bid dat dit Christene sal ontstel wanneer en waar die eer van God aangetas word. Bid dat ons terselfdertyd baie liefde en geduld sal hê met mense wat in sonde verval het.
- † Bid vir Christen-landbouers. Bid dat hulle oral en altyd sout vir die aarde en lig vir die wêreld sal wees (Matteus 5:13-14), al word hulle beledig, geïgnoreer of verkleineer.



- † Bid vir mense met seer wat ander seermaak. Bid vir mense wat ander verwerp omdat hulle self verwerp voel.
- † Bid vir alle vergaderings waar besluite oor grond, landbou en landbouers geneem word. Bid dat God Drie-enig se Naam geheilig sal word, dat sy wil sal geskied en dat sy Koninkryk sal kom.

Dag 33

Moet jou nie te veel steur aan wat mense van jou dink nie.

(Les 14: Deel 2 van 2)

Lees: 1 Samuel 17:33 en 42-44; 1 Samuel 25:10

Saul het Dawid onderskat omdat hy jonk was. Goliath het hom met minagting bejeën. Maar God het geweet waartoe Hy Dawid in staat kan stel.

By geleentheid het Saul geoordeel: ***"God het Hom aan Dawid onttrek ..."*** (1 Samuel 23:7). Maar die teendeel was waar! God het Hom nie aan Dawid onttrek nie. Hy het Hom aan Saul onttrek (1 Samuel 16:14 en 18:12)!

Dikwels word die optrede van een boer wat sy werkers mishandel aan die groot klok gehang. Dan word die indruk in die media geskep dat álle boere sleg en rassisties is. Moenie dat dié negatiewe beeld van boere wat in die media voorgehou word, jou te veel ontstel nie. Moenie toelaat dat dit jou of jou kinders se selfbeeld, selfvertroue en vertroue op God knak nie. Kom ons doen wat reg is in God se oë. Kom ons leef met integriteit en maak 'n verskil aan die openbare beeld van die landbouer. As jy verkeerd opgetree het, bely dit en hou op daarmee. Tel dan weer jou kop op en leef met integriteit. Tree reg op! Gedra jou soos 'n koning – God se koning!

Dieselfde geld vir plaaswerkers en die nuwe generasie boere. Baie mense kyk neer op julle. Maar moenie dat dit jou ontstel nie. God weet waartoe Hy jou in staat kan stel. Leef en tree altyd só op dat jy God se goedkeuring wegdra. Ook in jôu sien God vir Hom 'n koning.



Nabal se opinie van Dawid as 'n wegloopslaaf was heeltemal verkeerd. Dawid was reeds tot koning gesalf! In God se oë was hy reeds koning! Dit is ook waar van elke Christen-landbouwer! Daarom moet ons ons nie laat intimideer omdat ons in die oë van mense klein, min, swak of onbevoeg is nie. Ons krag lê nie in onself nie. Ons krag is in God wat ons met sy Gees tot konings gesalf het.

Ek glo met my hele hart dat God vir Christen-landbouers, werkgewers én werknemers, 'n besondere roeping in Suid-Afrika en Afrika het. Daarom moet jy in toewyding aan Hom lewe en doen wat Hy van jou vra. Moenie dink aan wat jy vir God kan doen nie. Fokus op dit wat Hy in en deur jou kan doen! Dit is oneindig meer as wat jy kan dink of bid (Efesiërs 3:20).

Om jou nie te steur aan mense se opinie van jou nie, beteken nie om blind en doof te wees vir jou foute nie. Moenie dit wat mense sê dadelik ignoreer nie. Evalueer dit biddend. Verander wáár jy moet, tot eer van God! Ignoreer dan wat ongegrond is.

Dink, gesels, bid en luister:

1. Wat doen en sê jy wat die openbare beeld van landbouers kan skaad?
2. Watter invloed het drankmisbruik byvoorbeeld op die algemene beeld wat mense van boere en plaaswerkers het?
3. Watter invloed het dit wat jy oor minimumlone sê op die openbare beeld van die boer? Veral as jy met jou nuwe, 4x4-dubbelkajuitbakkie lang en luukse vakansies hou?
4. Wat kan ons as landbouers doen om ons openbare beeld te verbeter? Wat moet verander? Of is jy tevrede met die beeld wat mense van boere en plaaswerkers het?
5. Moenie dat mense by jou die indruk laat dat jou getuigenis geen waarde het nie. Niemand kan die vrug op jou getuigenis bereken nie. Daar is 'n gesegde wat lui: *Any fool can count the seeds in one apple, but nobody can count the apples in one seed.* Saai getrou die saad van die Woord in mense se lewe.

Onthou:

Moet jou nie te veel steur aan wat mense van jou dink nie. Dis God se opinie wat tel.



Voorbidding:

- † Bid dat landbouers hulle nie te veel sal steur aan wat mense van hulle dink nie. Bid dat hulle sal vra hoe God hulle sien, en dat hulle dan só sal optree.
- † Bid dat landbouers, selfs al is sommige eenvoudig en ongeletterd (Handelinge 4:13), spontaan sal getuig oor Jesus, die Verlosser en Koning.
- † Bid vir duisende vroue en kinders wat dwarsoor Afrika op lande werk en/of vee oppas. Dit verhoed baie kinders om skool toe te gaan.
- † Bid dat bestaansboere, ten spyte van hulle beperkinge, steeds 'n groter bydrae tot hulle land se ekonomie sal lewer. Bid dat hulle die erkenning en waardering sal kry wat hulle verdien.
- † Bid in besonder vir duisende mense wat om ons dorpe en stede op plotte en kleinhoewes bly. Baie van hulle het nie goeie behuising of lopende water nie. Drankmisbruik en werkloosheid speel in baie gevalle 'n groot rol. Bid dat grondeienaars die fisiese en geestelike nood van dié mense sal raaksien en iets daaraan sal doen.
- † Bid vir gemeentes en kerke in die landelike en boerdery omgewing. Bid dat hulle werklik 'n geskenk van die Here aan die gemeenskap sal wees. 'n Geskenk wat hoop bring en nuwe moontlikhede vir mense oopbreek.

Dag 34

As jy val, staan op!

(Les 15: 1 van 2)

Lees: 2 Samuel 11 (lees ten minste verse 1-5 en 14-15, asook 26-27) en 2 Samuel 12:7-18

Ai, wat het Dawid besiel? Waarom moes die man na God se hart ook swakhede hê? God het hom mos alles gegee en was bereid om hom nog meer te gee as hy dit sou vra (2 Samuel 12:8b). Waarom het hy owerspel en moord gepleeg?

Dit is hartseer, maar dis waar. Op 'n dag het dié man wat so 'n intiem-persoonlike verhouding met God gehad het, van Hom vergeet. Die man wat altyd na die wil van die Here gevra het, het nie gebid voor hy Batseba laat roep het nie. Die man met integriteit het, om sy sonde weg te steek, allerhande planne gemaak om Urija by sy eie vrou te laat slaap. Almal



moes dink Urija het haar swanger gemaak (2 Samuel 11:5-13). Toe dié plan nie uitwerk nie, het Dawid 'n meer verraderlike plan uitgedink. Hy het met Urija gedoen wat Saul met hom gedoen het. Hy het hom aan die voorpunt van die geveg laat plaas in die hoop dat hy sou sterf (2 Samuel 11:14-17). As koning het hy sy mag misbruik en in die proses sterf Urija en vele ander (2 Samuel 11:16-25). Dit het Dawid blykbaar nie eers ontstel nie (2 Samuel 11:25). Wat het van sy gewete geword? Hy het net gewag vir Batseba se tyd van rou om verby te gaan voor hy haar laat haal het (2 Samuel 11:26-27).

"Maar wat Dawid gedoen het, was verkeerd in die oë van die Here" (2 Samuel 11:27b)! Dawid kon dit nie verduur dat Goliat die God van Israel verkleineer het nie (1 Samuel 17:45). Hy het Goliat ter wille van God se eer doodgemaak. Toe doen Dawid presies die teenoorgestelde en sy sonde veroorsaak dat God se vyande Hom laster (2 Samuel 12:14). Dis vandag nog só. Christene se sonde laat mense lelike dinge van God sê.

Maar dis nie al nie. Lees verder. Dawid se sonde het ook baie ellende oor hom en sy huis gebring (2 Samuel 12:10). Wat 'n vernedering as 'n ander man voor jou oë by jou vrou slaap (2 Samuel 12:11-12)! En dis baie swaar om 'n kind aan die dood af te staan (2 Samuel 12:14-18)!

Moenie dink jy kan met sonde speel nie. Wie die woord en raad van die Here minag, kry seer. Baie seer!

Jy het 'n vriend nodig om jou te bemoedig in jou vertroue op God. Net so het jy ook 'n vriend nodig wat tydig en ontydig lastige en moeilike vrae aan jou sal vra. Iemand om jou verantwoordbaar te hou (*accountable*).

Dink, gesels, bid en luister:

1. Lees 2 Samuel 12:5-6. 'n Mens oordeel so maklik hard oor iemand anders se sonde! Daarom maan die Here ons: ***"Broers (en susters!), as iemand in die een of ander sonde val, moet julle wat julle deur die Gees laat lei, so iemand in 'n gees van sagmoedigheid reghelp. En pas op: jy kan self ook in die versoeking kom"*** (Galasiërs 6:1). In 1 Korintiërs 10:12 waarsku Paulus ook: ***"Daarom, wie meen dat hy staan, moet oppas dat hy nie val nie."*** Ongelukkig misbruik mense dié gedeeltes en beweer dat niemand die reg het om 'n ander tereg te wys nie. Nee. Ons móét mekaar tereg wys en reghelp. Máár ons moet dit in 'n gees van sagmoedigheid doen. Daarom móét jy dit ook doen. Doen dit met 'n



traan in die oog en met 'n sagte hart. As jy struikel is dit mos hoe jy wil hê dat ander jou sal reghelp.

2. ***"Omdat die verkeerde daad nie meteens gestraf word nie, hou mense eenvoudig aan om verkeerd te doen"*** (Prediker 8:11). Al het jy tot nou "weggekom" met jou sonde, moet jy nie dink dat jy daarmee kan volhou sonder om die gevolge te dra nie. Waarmee moet jy dadelik ophou? Waarvan moet die Here jou vándag verlos? Bely dit. Moenie bang wees nie. Hy weet in elk geval daarvan! Hy het jou reeds daarvan verlos. Jy het mos saam met Hom gesterf en opgestaan in 'n nuwe lewe. Die mag en houvas van sonde oor jou lewe is gebreek (Romeine 6:1-14). Nou wil Hy jou help om as koning oor die sonde te heers, en nie langer toe te laat dat dit oor jou heers nie.
3. ***"'n Openlike bestraffing is beter as liefde wat onsigbaar bly. Op 'n vriend wat jou seermaak, kan jy reken; iemand wat jou haat, is oordadig met sy soene"*** (Spreuke 27:5-6). Dikwels praat dié wat baie naby aan jou is, alles wat jy doen goed. Bid dat die Here aan jou 'n vriend sal gee wat jou in liefde reghelp as jy val.
4. Flikker daar enige gevaarligte in jou lewe? Is jy dalk besig om sommige van die goeie raad wat God jou gee, te ignoreer?

Opdrag:

As jy val, staan op! Moenie kwaad word as jy terreggewys word nie. Bely en laat staan jou sonde. Heers daaroor. Jy is mos 'n koning!

Voorbidding:

- † Dit gebeur dikwels dat dié wat vir ander raad gee, nie na hulle eie raad luister nie. Bid dat dit nooit in AMOS sal gebeur nie. Bid dat ons nooit God se raad aan ander sal gee, sonder om self daarna te luister nie.
- † Jy moet 'n vriend hê wat jou bemoedig in jou vertroue op God, maar ook een wat bereid is om soos Natan vir Dawid te sê: ***"Jy is die man!"*** (2 Samuel 12:7). Bid dat die Here aan jou só 'n vriend sal gee.
- † ***"Die praktyke van die sondige natuur is algemeen bekend: onsedelikheid, onreinheid, losbandigheid, afgodsdien, towery, vyandskap, haat, naywer, woede, rusies, verdeeldheid, skeuring, afguns, dronkenskap, uitspattigheid en al dergelike dinge"*** (Galasiërs 5:19-21a). Bid dat die Here al hierdie dinge in ons landelike en boerderygemeenskap sal uitroei. Bid dat Christene hulle



deur die Gees van God sal laat lei. Bid dat hulle lewe en getuienis sal help om 'n einde aan al dié bese dinge te maak.

Dag 35

As jy val, staan op!

(Les 15: 2 van 2)

Lees: 1 Johannes 2:1-2 en Psalm 51

Kom ons leer nog dít by Dawid, die man na God se hart: Moenie vlug as jy gesondig het nie. Moenie vir God wegkruip nie. Gaan terug na Hom toe. Bely jou sonde en pleit in Jesus se Naam om genade. Bid dat God jou weer sal leer hoe om te lewe, hoe om standvastig te wees en Hom met toewyding te dien. Vra 'n rein hart. Bid dat sy Gees jou weer sal lei en jou sal leer om 'n getuie vir Hom te wees.

Dit maak nie saak wat jy gedoen het nie. Dit maak ook nie saak hoeveel keer jy dié sonde al gedoen het nie. Jesus, die Regverdige, is mos ons Voorspraak by die Vader. Hy het die prys vir my en jou sonde reeds betaal.

Deur sy dood en opstanding het Hy dit vir ons moontlik gemaak om weer in 'n intiem-persoonlike verhouding met God te leef. Gryp hierdie voorreg aan!

Dink, gesels, bid en luister:

1. ***"Whoever hates correction, is stupid"*** (Proverbs 12:1 NIV).
2. Glo jy dat Jesus Christus die volkome versoening vir al ons sonde is? Glo jy dat Hy ook die versoening vir jōu sonde is (1 Johannes 2:1-2)?
3. Dawid bid in Psalm 51 dat die Here nie sy Gees van hom af moet wegvat nie (vers 13). Dink jy dit is dalk omdat Dawid gesien het wat met Saul gebeur het na die Here sy Gees van hom af weggeneem het (1 Samuel 16:14)?
4. Moenie net om vergifnis van sonde bid nie. Bid soos Dawid vir 'n nuwe toewyding.

Opdrag:

As jy val, staan op! Bid Psalm 51!



Voorbidding:

- † Bid dat die hele landelike en boerderygemeenskap in Suid-Afrika en Afrika sal glo dat Jesus Christus die volkome versoening vir al ons sonde is. Vra dit spesifiek vir almal wat saam met jou op die plaas woon en werk.
- † Bid dat elke landbouer wat in Jesus glo en deur God vrygespreek is, nie sal stilbly oor God se weldade nie. Bid dat hulle deur die krag van die Heilige Gees oral en altyd sal getuig van die nuwe lewe in Hom.
- † Bid Psalm 90:16-17. ***"Laat u werk vir ons duidelik word, en u grootheid vir ons kinders. Laat ons die goedheid van die Here ons God belewe: hou die werk van ons hande in stand, ja, die werk van ons hande, hou dit in stand."***
- † Praat met die Here oor dié lesse wat sy Gees nou op jou hart lê:
 1. Bly leef in 'n intiem-persoonlike verhouding met God.
 2. Kry 'n vriend wat jou kan bemoedig in jou vertroue op die Here.
 3. Bly fokus op God se vermoë en nie op jouself of jou omstandighede nie.
 4. Moenie net óór die reus praat nie, praat mét hom!
 5. God het die vermoë om altyd sy doel en bestemming met jou te bereik.
 6. God het die mag om op meer as een manier te red en uitkoms te gee.
 7. Aanvaar die gesag wat God oor jou gestel het.
 8. Wees geduldig en gebruik elke geleentheid om te leer en te groei.
 9. Moenie passief of traak-my-nie-agtig word nie. Dóén wat God sê!
 10. Leef met integriteit.
 11. Dink vooruit.
 12. Onthou, dis God se reg om te straf.
 13. Pasop vir vergelykings.
 14. Moet jou nie te veel steur aan wat mense van jou dink nie.
 15. As jy val, staan op!



DEEL 4

Oorwinning en sukses is die gevolg van sekerheid.

Na al die praktiese raad en die 15 lesse uit die lewe van Dawid, kyk ons weer na 1 Samuel 16:1. God het die profeet Samuel na Betlehem toe gestuur met die woorde: "... **onder sy seuns sien Ek vir My 'n koning.**" In hierdie paar woorde bring God drie belangrike sake na vore: **roeping, verhouding en identiteit.**

Wanneer jy bedreig voel en "Goliath" hou aan om jou te intimideer, moet jy absolute sekerheid hê van hierdie drie dinge. Hierdie drie dinge sal maak dat die lewe jou nie onderkry nie. Dit sal jou help om nie moedeloos te word nie. Dit sal jou end-uit staande hou, ten spyte van omstandighede. Daarom moet jy absoluut seker wees van:

- ✓ Jou **identiteit** in Christus;
- ✓ Jou **verhouding** met die Vader;
- ✓ Jou **roeping** in die lewe.

Hierdie drie dinge het Jesus in staat gestel om tot aan die einde getrou te bly aan die Vader en nou as Koning te heers! Kom ons leer by Hom!

Dag 36

Oorwinning en sukses is die gevolg van sekerheid.

Jesus se identiteit en roeping was van die begin af duidelik. *Luister wat sê die engel in Lukas 1:30-33 vir Maria. Wat moet die kind se naam wees en wat gaan Hy doen?*

.....

Wat sê die engel vir die skaapwagters in Lukas 2:11? Wie is gebore en wat gaan Hy doen?



.....
.....
Wat sê God die Vader in Matteus 3:17 en 17:5 oor Jesus se identiteit en die verhouding tussen Hulle?

.....
Wat het Jesus oor sy eie identiteit en roeping in Lukas 4:18-21 en Johannes 12:49-50 gesê?

.....
Wat het Jesus oor sy verhouding met die Vader gesê in Johannes 17:21-23?

.....
Koning Jesus het soortgelyke ervarings as koning Dawid gehad. Hoe het Hy dit reggekry om ten spyte van al die aanslae, beledigings en verwerping sy werk klaar te maak? Waarom het Hy getrou gebly al het niemand die belangrikheid van sy roeping en opdrag verstaan nie? Waarom het Jesus se lewe nie uitmekaargeval toe sy eie mense Hom verwerp het nie (Johannes 1:9-11)? Hulle het Hom selfs uit sy geboortedorp weggejaag (Lukas 4:16 en 28-30). Hy is by meer as een geleentheid uitgeskel as 'n baster (Samaritaan), duiwelbesete, mal en 'n godslasteraar (Johannes 7:20; 8:48-52; 10:20 en 33). Baie keer wou hulle Hom doodmaak (Lukas 4:29). Toe Hy beledig is, het Hy nie terug beledig nie en toe Hy seergemaak is, het Hy nie gedreig om wraak te neem nie (1 Petrus 2:22-23). Toe Hy met die hulp van vals getuies aangekla is (Matteus 26:59-60), het Hy nie verbitterd geraak en na geweld gegryp nie (Johannes 18:38 en 19:6, asook 1 Petrus 2:22). Toe Hy aan die kruis uitgelag en uitgedaag is om sy identiteit te bewys deur van die kruis af te kom (Lukas 23:35-39), het Hy nie voor dié versoeking geswig nie. Toe die grootste onreg moontlik aan Hom gedoen is, toe Hy gekruisig is, het Hy uitgeroep: **"Vader vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie"** (Lukas 23:34).

Omdat Jesus volkome seker was van sy **identiteit**, sy **verhouding** met die Vader en sy **roeping**, het Satan GEEN mag oor Hom gehad nie (Johannes 14:30). Satan kon nie Jesus se **sonde** teen Hom gebruik nie, want Jesus het GEEN sonde gehad nie (Hebreërs 4:15 en 2 Korintiërs 5:21). Hy kon ook nie 'n houvas op Jesus kry deur die **onreg en lyding** wat Hy moes



verduur nie. Die vreugde en sekuriteit wat Jesus in sy verhouding met sy Vader gehad het, was te groot! Aan die einde van sy aardse lewe kon Jesus sê: **"Ek het U op aarde verheerlik deur die werk klaar te maak wat U My gegee het om te doen. Dis is volbring!"** (Johannes 17:4 en 19:30).

*As jy oorwinning wil kry oor sonde en seerkry, moet jy soos Jesus volkome seker wees van jou **verhouding** met die Vader, jou nuwe **identiteit** in Christus en jou Goddelike **roeping**. Jy moet weet wie jy is en wat jy hier maak. Jou gesag oor die Bose reuse lê opgesluit in jou **nuwe identiteit in Christus**. Jy het nie gesag oor die Bose op grond van jou geleerdheid, ouderdom, tipe werk, lewenservaring, persoonlikheid of gewaes nie.*

Gebed:

- † Bid dat Christen-landbouers dwarsoor Afrika sal weet wat God oor hulle **identiteit** in Christus sê. Bid dat hulle dít van harte sal glo.
- † Bid dat Christen-landbouers heeltemal seker sal wees dat hulle 'n volmaakte **verhouding** met die Vader het.
- † Lees Efesiërs 2:10 en 1 Petrus 2:9. Bid dat Christen-landbouers hulle **roeping** sal verstaan.
- † *In jóú sien God vir Hom 'n koning!* Bid dat jy 'n koning so na sy hart sal wees.

Dag 37

Die belangrikheid van jou identiteit, verhouding met God en roeping.

'n Lewe van oorwinning en oorfloed is slegs moontlik wanneer jy:

- ✓ weet dat die **verhouding** tussen jou en die Vader heeltemal herstel is;
- ✓ weet wat jou nuwe **identiteit** in Christus is;
- ✓ weet dat God jou met 'n **doel** geskep en gered het.

Dit was die sleutel tot Jesus se lewe van oorwinning en oorfloed. Dit is ook die sleutel vir jou. Satan doen alles in sy vermoë om met leuens en halwe waarhede te keer dat jy sekerheid oor hierdie drie sake kry. As hy daarin slaag, kry hy **invloed** en **beheer** oor jou lewe. Maar, hy kry **nie besitreg nie**. Daarom móét jy weet wat waar is.



Waarvan kan jy seker wees volgens Romeine 10:9-13 en 1 Johannes 5:11-13?

.....

.....

Die goeie nuus waarvan die Bybel praat, kan saamgevat word in drie woorde: **CHRISTUS IN ONS** (Kolossense 1:27). Die feit dat Christus deur sy Gees in ons woon as ons in Hom glo, weerspreek al die leuens van die duiwel. *Dit bewys dat ons nie waardeloos, onaanvaarbaar, onbemin of onbelangrik is nie. Dit bewys dat ons nie bestem is vir die ewige dood nie. Dit bevestig dat ons sterker is as die reuse wat ons lewe bedreig.* Hy wat in ons is, is groter as die duiwel wat in die wêreld is (vgl. 1 Johannes 4:4).

Hoe kan jy *waardeloos* wees as Jesus bereid was om jou met sy kosbare bloed te koop (1 Petrus 1:18-19)? Hoe kan jy *onaanvaarbaar* wees as God deur sy Gees bereid is om in jou te woon en jou te leer om Hom as Pappa Vader aan te spreek (Romeine 8:9 en 8:14-17)? Hoe kan jy *verwerp* voel en glo dat niemand jou liefhet nie, as God bereid was om sy enigste Seun wat Hy baie liefgehad het, in ruil vir jou te gee (Jesaja 43:3-4; Markus 10:45 en 2 Korintiërs 5:21)? Hoe kan jy *onbelangrik* wees as jy nou al saam met Christus 'n plek en posisie in die hemel het (Efesiërs 2:6) en saam met Hom 'n erfgenaam van God is (Romeine 8:17)? Hoe kan jou lewe *doelloos* wees? God het jou dan sout vir die aarde en lig vir die wêreld gemaak (Matteus 5:13-16)? In Efesiërs 2:10 sê Hy dan dat Hy jou met 'n doel gered het. Hoe kan "reuse" jou lewe bedreig as Hy in jou woon? Hy is mos groter en sterker as die duiwel en al sy trawante (1 Johannes 4:4). Hoe kan jy vir die dood bestem wees as die Gees van God in jou is? Dié Gees is die waarborg van die ewige lewe en al die seëninge wat jy nog sal ontvang (2 Korintiërs 5:5 en Efesiërs 1:13-14, asook Romeine 8:12).

Hoekom glo jy die duiwel as hy jou probeer oortuig dat jy nie van jou verlede, mislukkings, omstandighede, sonde en pyn kan loskom nie? God het jou dan **in Christus** heeltemal nuut gemaak ('n nuwe skepping – 2 Korintiërs 5:17). Hy dink nooit meer aan jou sonde nie. Hy het dit mos **in Christus** reeds vergewe (Hebreërs 10:14-18).

Moenie langer die leuens en halwe waarhede van die duiwel glo nie. Glo wat God in sy Woord sê oor jou **verhouding** met Hom, jou **identiteit** in Christus en jou **roeping**. Dis die eerste stap na 'n lewe van oorfloed en oorwinning (Johannes 10:10).



Onthou:

Identiteit: Jy is 'n koning!
Verhouding: Jy is 'n koning vir Hom!
Roeping: Jy moet namens Hom heers!

Gebed:

- † Bid dat landbouers en hulle families in Jesus Christus, die Seun van God, sal glo. Bid dat hulle volkome seker sal wees van hulle redding.
- † Bid dat Christene sal weet wat God oor hulle identiteit in Christus sê. Bid dat hulle dit van harte sal glo.
- † Bid veral vir Noord-Afrika waar Moslems die meerderheid is.
- † *In jǃú sien God vir Hom 'n koning!* Bid dat jy 'n koning so na sy hart sal wees.

Dag 38

Die waarheid oor jou verhouding met God.

God ons Vader kan nie lieg nie (Numeri 23:19; Titus 1:2). Maar die duiwel is die vader van die leuen (Johannes 8:44). Op grond van God se betroubare Woord, weet jy presies hoe jou verhouding met Hom lyk. Dit bly elke dag dieselfde, al beleef jy dit nie so nie. Bely die volgende waarhede gereeld hardop:

Ek is seker oor die volgende ten opsigte van my verhouding met God:

- ✓ Jesus het my gekoop en die prys vir my betaal (1 Korintiërs 6:19-20).
- ✓ Al my sonde is heeltemal vergewe (Hebreërs 10:14 en 1 Johannes 1:7).
- ✓ Ek is vrygespreek (Romeine 5:1 en 8:31-33).
- ✓ My verhouding met God is volmaak herstel (Romeine 5:1 en 8:1).
- ✓ Ek is uit God gebore en behoort aan Hom (Johannes 1:12-13).
- ✓ Ek is 'n kind van God en sal dit altyd wees (1 Johannes 3:1 en Johannes 10:28).
- ✓ Ek is 'n lid van God se huisgesin (Efesiërs 2:19).
- ✓ Sy Gees woon nou in my (Romeine 8:9 en 1 Korintiërs 6:19).
- ✓ Ek noem Hom *Vader* (Romeine 8:14-16).
- ✓ Ek het vrye toegang tot my Vader (Hebreërs 4:16 en 10:19-22).



- ✓ God is vir my; Hy is nie teen my nie (Romeine 8:31-32).
- ✓ My Vader weet wat ek nodig het en Hy sorg vir my (Matteus 6:25-34).

Daarom verwerp ek al die leuens van die duiwel. Ek verwerp nou elke gedagte dat ek verlore, onwelkom, eensaam, verwerp en verstoot is. Ek verwerp die bewering dat ek vaderloos is. Daarom verwerp ek ook die vrees dat ek nie versorg en veilig is nie. Ek is nie 'n weeskind nie. My Vader sorg vir my. Ek verwerp ook die leuen dat ek alleen die mas in die lewe moet opkom. God het my deel van sy familie gemaak. Ek het sterk familiebande.

Ek verwerp die opvatting dat God my net gedurig wil straf en dat ek in vrees daarvoor moet lewe. Ek verwerp die gedagte dat God teen my is en nie vir my nie. Ek verwerp die leuen dat elke slegte ding wat met my gebeur beteken dat God nie meer van my hou of met my tevrede is nie.

Ek glo nie dat ek gedurig moet presteer om deur God aanvaar te word nie. Ook nie dat ek my kindskap van God met goeie werke moet verdien nie. Ek verwerp ook die leuen dat ek ophou om God se kind te wees elke keer as ek sonde doen.

Ek verwerp die aanspraak van die duiwel dat hy 'n reg op my lewe en my toekoms het. Ek is gekoop en die prys is vir my betaal!

Onthou:

Identiteit: Jy is 'n *koning!*
Verhouding: Jy is 'n koning *vir Hom!*
Roeping: Jy moet *namens Hom heers!*

Gebed:

- † Loof en dank God vir die herstelde verhouding tussen jou en Hom.
- † Bely die waarheid omtrent julle verhouding hardop.
- † Bid dat al Afrika se landbouers en hulle families sal glo wat God oor die verhouding tussen hulle en Hom sê.
- † Bely dat jy in die verlede die leuens wat die duiwel oor jou verhouding met God vertel het, geglo het. Bely dat jy so aan hom die reg gegee het om jou lewe te beïnvloed of selfs te beheer.
- † *In jôu sien God vir Hom 'n koning!* Bid dat jy 'n koning so na sy hart sal wees.



Dag 39

Die waarheid oor jou identiteit in Christus.

Baie Christene beleef 'n identiteitskrisis. Hulle siening van hulleself word gevorm deur hulle verlede en deur wat mense van hulle dink en sê. Hulle sien hulleself as slagoffers van mense en omstandighede; selfs van die duivel. Hulle gedurige soeke na identiteit dryf hulle daarna om vreemde dinge te doen. Maar die onsekerheid oor wie hulle werklik is, word al hoe groter. Party raak verwaand, hooghartig, onbeskof en dominerend. Ander verval in minderwaardigheid en selfbejammering. As jy nie weet en glo wie jy in Christus is nie, speel jy in die hande van die duivel en sy reuse handlangers. Dan glo jy al sy leuens. As sy leuens die oortuiging in jou hart word, bepaal dit jou hele lewe (Spreuke 4:23). Só gee jy hom weer die geleentheid om jou lewe te beïnvloed en te beheer.

Op grond van God se betroubare Woord, weet jy wie en wat jy **in Christus** is. Bely die volgende waarhede hardop en gereeld:

Ek is seker oor die volgende ten opsigte van my identiteit in Christus:

- ✓ Ek is die beeld van God (Genesis 1:27 en Efesiërs 4:23-24).
- ✓ Ek is die gedagte en plan van God (Jeremia 1:4 en Efesiërs 1:4-6).
- ✓ Ek is die handewerk van God (Psalm 139:13-18).
- ✓ Ek is die eiendom van God (1 Korintiërs 6:19-20 en 1 Petrus 1:18-19).
- ✓ Ek is uit God gebore. Ek is wedergebore (Johannes 1:12-13).
- ✓ Ek is 'n kind van God volgens sy belofte (Galasiërs 4:28 en 1 Johannes 3:1).
- ✓ Ek is die woonplek van God en sy Heilige Gees (1 Korintiërs 3:16 en 6:19-20).
- ✓ Ek het die Gees as waarborg van wat ek nog sal ontvang (2 Korintiërs 1:22).
- ✓ Ek is heilig. Ek is afgesonder vir die Here (1 Korintiërs 1:2; 2 Korintiërs 1:1).
- ✓ Ek is regverdig verklaar (Romeine 3:24-26 en 1 Korintiërs 1:30).
- ✓ Ek is vrygespreek (Handelinge 13:38-39 en Romeine 5:1).
- ✓ Ek is een met Christus (Romeine 6:11 en Kolossense 2:9-10).
- ✓ Ek is ingesluit in die sterwe en opstanding van Jesus (Romeine 6:1-11).
- ✓ Ek is dood vir die sonde (Romeine 6:11).
- ✓ Ek is lewend vir God. Ek is tot sý beskikking (Romeine 6:11 en 22).
- ✓ My sondige natuur is weggeneem (Kolossense 2:11).
- ✓ Ek is 'n oorwinnaar (Romeine 8:37; 1 Johannes 4:4 en 1 Johannes 5:4-5).
- ✓ Ek heers reeds saam met Christus (Efesiërs 2:6).



- ✓ Ek is 'n lid van die liggaam van Christus (1 Korintiërs 12:27).
- ✓ Ek is toegerus met gawes en vermoëns van die Gees (1 Korintiërs 12:7-11).
- ✓ Ek is 'n getuie van Christus (Handelinge 1:8).
- ✓ Ek is saam met Christus 'n erfgenaam van God (Romeine 8:17).
- ✓ Ek is 'n burger van die hemel (Filippense 3:20).

Daarom verwerp ek elke gedagte dat ek toevallig in hierdie wêreld is, *iets* wat nooit moes gewees het nie. Selfs al was my ouers nie getroud nie of weet ek nie eers wie my pa is nie, beteken dit nie dat ek 'n "*mistake*" is nie. Al maak ek foute, is ek nie 'n fout of mislukking nie. Ek is nie 'n vervloekte nie (Galasiërs 3:13), selfs al spreek mense vloeke oor my uit. Ek is nie 'n satanskind nie, maar 'n beloftekind (Galasiërs 4:28).

Omdat ek in Christus is wie ek is, verwerp ek die idee dat my identiteit bepaal word deur my nasionaliteit, velkleur, voorkoms, geslag of beroep. Ek verwerp die gedagte dat ek minderwaardig is omdat ek 'n vrou is, gestremd is of jonk is. Ek verklaar dat my identiteit nie bepaal word deur hoe ryk of arm ek is nie. My waarde as mens word nie bepaal deur my besittings of geleerdheid nie. Daarom weier ek om te glo dat ek my identiteit verloor as ek my gesondheid, plaas, werk of besittings verloor.

Ek verklaar dat ek nie 'n slagoffer is nie. Ek is 'n oorwinnaar. Hy wat in my woon is groter as die duiwel en sy "reuse" wat in die wêreld werksaam is (1 Johannes 4:4). Ek is 'n koningskind en heers saam met Christus oor die sonde. Sonde heers nie oor my nie. Omdat God heilig is en Hy my heilig noem, weier ek om in sonde voort te ploeter asof ek tot niks beter in staat is nie.

Ek is 'n nuwe skepping van God. Daarom verklaar ek dat my identiteit nie bepaal word deur al die sleg en die seer van my verlede nie. Ek verwerp die leuen dat ek moet bly leef soos 'n verkragte, verwerpte of vervloekte.

Ek weier om minderwaardig te voel op grond van my ras of velkleur. My werk bepaal nie my identiteit nie, maar my identiteit bepaal hoe ek my werk doen.

Onthou:

<i>Identiteit:</i>	Jy is 'n <i>koning!</i>
<i>Verhouding:</i>	Jy is 'n koning <i>vir Hom!</i>
<i>Roeping:</i>	Jy moet <i>namens Hom heers!</i>



Gebed:

- † Loof en dank God vir jou identiteit in Christus.
- † Bely die waarheid omtrent jou identiteit hardop.
- † Bid dat al Afrika se landbouers en hulle families sal glo wat God oor hulle identiteit in Christus sê.
- † Bely dat jy in die verlede die leuens van die duiwel oor jou identiteit geglo het. Bely dat jy hom so die geleentheid gegee het om jou lewe te beïnvloed en te beheer.
- † *In jóú sien God vir Hom 'n koning!* Bid dat jy 'n koning so na sy hart sal wees.

Dag 40

Die waarheid oor jou roeping.

Een van die *God's Way*-beginsels waaroor die Bybel duidelik is, is: **God werk deur mense!** Hy het die mens geskep as sy verteenwoordiger. Omdat Hy ons na sy beeld geskep en ons geseën het, kan ons sy verteenwoordigers wees (Genesis 1:27-28 en Psalm 8:4-9).

Alles wat God in die wêreld gedoen wil hê, doen Hy deur mense. Hy wil graag elke dag aan mense kos gee (Matteus 6:11). Hy wil ook vir hulle klere gee (Matteus 6:25-30). Hy wil hê dat ons eet en drink en die lewe geniet (Prediker 2:24-25). Hy wil sy mense laat bly in 'n land wat oorloop van melk en heuning (Eksodus 3:8). God wil vir alle mense sorg, ook die armes, die weduwees en die weeskinders. Hy doen dit ook deur boere (Job 31:16-21). Ons as landbouers se roeping is om namens God 'n verskeidenheid produkte te produseer sodat mense Hom elke dag kan loof en prys vir sy goedheid.

Living and Farming God's Way is ons roeping. As ons Hom verteenwoordig moet ons boer soos Hy boer. Dank die Here vir die voorreg om te kan boer: om vir Hom en namens Hom te boer! Dis 'n skande as ons as landbouers hongersnood in Afrika veroorsaak omdat ons verhouding met God, mense en die skepping gebroke is; omdat ons nie basiese *God's Way*-beginsels soos "*high standard, on time, no wastage and with joy*" toepas nie; omdat ons nie ons roeping verstaan of goeie rentmeesters van ons grond is nie; omdat ons dink werk is die straf van die sondeval; óf omdat ons lui en onkundig is. Kom ons moedig mekaar aan om op te staan en ons roeping te vervul. Kom ons sing:



1. Stand up, stand up for Jesus
Redeemer of the land
He's Lord of all creation
Victorious He stands
Let us all represent Him
And be His hands and feet
Let us fulfill our calling
As farmers on His land

2. Stand up, stand up for Jesus
All peoples of the land
Let's live and farm for Jesus
To glorify His Name
Let's conquer all the evil
And bring His Name great fame
Let us fulfill our calling
As farmers on His land

3. Stand up, stand up for Jesus
It's time to make our stand:
To live and farm for Jesus
'cross Africa our land
let's do work of high standard
Rejoicing in God's way
Let us fulfill our calling
As farmers on His land

Dit is moontlik om ons taak en roeping te vervul, want op grond van God se betroubare Woord, weet ons wat dit is. Bely die volgende waarhede gereeld hardop:

- ✓ Ek is 'n verteenwoordiger van God (Genesis 1:27-28).
- ✓ Ek het werk op aarde: bewoon, bewerk, bewaar (Genesis 1:27-28 en 2:15).
- ✓ Ek het 'n taak in die wêreld: wees sout en lig (Matteus 5:13-16).
- ✓ Ek is 'n lid van die liggaam van Christus (1 Korintiërs 12:27).



- ✓ Ek moet my gewes gebruik en my funksie in die kerk vervul (1 Korintiërs 12).
- ✓ Ek is gestuur na die wêreld (Johannes 17:18).
- ✓ Ek is 'n getuie van Christus in die wêreld (Handelinge 1:8 en 1 Petrus 2:9).
- ✓ Ek het 'n opdrag van Jesus: maak dissipels (Matteus 28:18-20).
- ✓ Ek moet my beywer vir die Koninkryk van God (Matteus 6:33).
- ✓ Ek het God as my Werkgewer (Kolossense 3:23 tot 4:1).
- ✓ Ek het 'n dagtaak om te vervul (Efesiërs 4:28 en 2 Tessalonisense 3:6-13).
- ✓ Ek het 'n diens om te lewer (Galasiërs 5:13 en 1 Timoteus 6:2).
- ✓ Ek het 'n geleentheid om goed te doen (2 Tessalonisense 3:13).
- ✓ Ek heers reeds saam met Christus (Efesiërs 2:6).
- ✓ Ek is toegerus met gewes en vermoëns van die Gees (1 Korintiërs 12:7-11).
- ✓ Ek is gered en geroep om my lewe te wy aan die goeie dade waarvoor God my bestem het (1983-Afrikaanse Vertaling - Efesiërs 2:10).
- ✓ Ek het mense om te voed (Job 31:16-21 en Matteus 6:11).

Hoe kan Christene hulleself ooit as werkloos beskou? Hoe kan jy passief en lui wees as daar soveel werk is wat gedoen moet word; as jy geroep is om God te verteenwoordig? Hoe kan jy voel daar is geen doel of rede vir jou bestaan nie? Hoekom wil jy sterf as die lewe soveel uitdagings bied? Hoekom wil jy wag tot iemand vir jou werk gee, terwyl God jou reeds werk gegee het? Doen sy werk, al betaal niemand jou nie. As jy getrou is in dit waarvoor jy nie geld kry of betaal word nie, sal God vir jou sorg. Hy sal sorg dat daar vrug op jou arbeid, kos op jou tafel (Psalm 37:25), klere aan jou lyf én genoeg geld in jou sak is.

Hoekom sal jy die duiwel se leuen glo dat jy waardeloos is, terwyl jy waardevolle werk het om te doen? God se belofte aan Abraham dat hy en sy nageslag tot seën vir die nasies sal wees, is ook vir jou bedoel. Omdat jy in Jesus glo, is jy deel van Abraham se nageslag (Galasiërs 3:29). Daarom deel jy in die belofte en roeping om tot seën vir die nasies te wees. Doen dit deur al jou werk met oorgawe te doen!

Onthou:

Identiteit: Jy is 'n *koning!*
Verhouding: Jy is 'n *koning vir Hom!*
Roeping: Jy moet *namens Hom heers!*



Gebed:

- † Loof en dank God vir die voorreg om Hom te verteenwoordig en sý werk te doen.
- † Bely die waarheid omtrent jou taak en roeping hardop.
- † Bid dat al Afrika se landbouers die roeping wat hulle van God ontvang het, sal uitleef.
- † Bely dat jy in die verlede die leuens van die duiwel oor jou roeping geglo het. Bely dat jy hom so die geleentheid gegee het om jou lewe te beïnvloed en te beheer.
- † Bid weer die lied, ***Stand up for Jesus.***
- † ***In jóú sien God vir Hom 'n koning!*** Bid dat jy 'n koning so na sy hart sal wees.




Ander AMOS-publikasies om van kennis te neem

Die volgende AMOS-publikasies is in beide **Afrikaans en Engels** beskikbaar. Jy kan dit **gratis** aflaai by www.amosafrica.net, of teen koste bestel deur 'n epos te stuur aan secretary@amosafrica.net



beVry om op te staan (Gebedsfokus 2014)

Daar is te veel Christene wat gered is, maar steeds met pyn leef. Hulle is kinders van God, maar steeds verstregtel in sonde. Hulle is vry, maar dink nog soos slawe. Hulle oorleef, maar hulle leef nie in oorwinning nie. Hulle glo in God, maar hulle sukkel om God te glo. Hierdie probleem word daadwerklik aangespreek. Die fokus val eerstens op die Koning wat mense bevry om op te staan. Daarna word die leuens en werksywyse van die diuiwel ontmasker. Lesers word ook gehelp om hul herstelde verhouding met God, hulle identiteit in Christus, asook hulle roeping te verstaan. Van die mees algemene dinge wat Christene verhoinder om op te staan word bespreek, waarna om bevryding gebid word. Die 40 oordenkings kan jou help om **op te staan en in oorwinning te lewe!**



Arbeidsverhoudinge (Gebedsfokus 2015)

Jy kry 'n antwoord op die vraag: Wat het arbeidsverhoudinge met Christenskap en die visie van AMOS (*Living and Farming God's Way*) te doen? Ses baie belangrike Bybelse beginsels vir verhoudinge word aan die hand van praktiese voorbeelde bespreek. 'n Verskeidenheid ander sake wat direk in verband met arbeidsverhoudinge staan, word vanuit die Skrif én praktyk hanteer: arbeiders; arbeid; bemagtiging; motivering van werkers; dissipline; konflikthantering; wen-wen-oplossings. Geseënd is elkeen wat deur mooi verhoudinge die Evangelie van Jesus Christus aantreklik maak vir ander en só die koms van die Koninkryk bevorder.



Finansiële Vryheid (Gebedsfokus 2016)


Finansiële vryheid is meer as net 'n mooi ideaal. Dis binne jou bereik as jy die tydlose ekonomiese beginsels wat God in sy Woord aan ons gee, ken en toepas. Die wêreld dink radikaal anders oor geld en besittings as wat die Woord van God ons leer. Dis die rede vir die ekonomiese chaos rondom ons. Daarom moet ons God die geleentheid gee om ons denke deur sy Woord te vernuwe. Die eerste tree op die pad van finansiële vryheid is om te erken dat **alles aan die Here behoort**. Óók dit wat ek en jy het. Ons is nét rentmeesters van alles wat die Here in ons sorg plaas.





Boer voor die Troon (Gebedsfokus 2017)

Die doel van hierdie Gebedsfokus is nie om vir gelowiges meer kennis oor gebed te gee nie, maar eerder om hulle te motiveer om die voorreg van gebed ten volle te benut. Gebed in die Naam van Jesus is wesenlik belangrik as ons landbou wil transformeer na *Living and Farming God's Way*. Die Gebedsfokus sluit ook 'n praktiese handleiding met gebedsriglyne en gebede in. Dit help die bidder om Skrifinhoud aan sy of haar gebede te gee – om sinvol te bid vir persoonlike behoeftes, die gemeenskap en die landbou. Gebed is die sleutel tot die oplossing van probleme in die landbou. Deur gebed kom die Koninkryk in die landbou. Bid sonder ophou! Boer voor die Troon!



Living and farming God's Way (Gebedsfokus 2018)

Dis ons visie en ons hart. Dis waaroor dit vir Amos Agrimin gaan. Dis ons droom vir Afrika! Die Koninkryk van God kan nêr op God se manier gebou word. **Let's build God's Kingdom God's Way!** Tien kenmerke van *God's Way* word bespreek en baie praktiese toepassings word gemaak. Jy leer ook hoe om 'n *God's Way-kultuur* op die plaas te vestig. Laastens word gefokus op drie belangrike dinge wat die Woord sê oor die **grond** waarop ons boer. Hierdie 40 oordenkings is noodsaaklik vir elke Christen landbouer. Bestudeer en implementeer dit biddend.





IN JOU SIEN
GOD VIR HOM 'N

Roëling

AMOS AGRIMIN

secretary@amosafrica.net
www.amosafrica.net

AMOS AGRIMIN STREKE

Vir kontak- en bankbesonderhede,
besoek ons webwerf www.amosafrica.net
Amos Agrimin Kaap (Wes-Kaap)
Amos Agrimin Sentraal (Vrystaat en Noordwes)
Amos Agrimin Noord-Kaap
(Noord-Kaap en oorblywende provinsies)

www.amosafrica.net



Find us on
Facebook

40-Dae Gebedsfokus uitgegee
deur Amos Agrimin Noord-Kaap

Bankbesonderhede:
Amos Agrimin
FNB Brandwag, 230534
Rek: 5299 000 8842

MYSiLO®

www.mysilo.com

**WAARDE
KWALITEIT
DIENS
PRYS**

3^{DE}

GROOTSTE

5

KONTINENTE

40

JAAR

ERVARING

60

LANDE

vibra floor

www.vibrafloor.com



**VROEG OGGEND ... TOT LAATAAND
ONGEKENDE STROOPTEMPO**

UniStor – UniGrain – FarmStor

Theuns de Lange
079 512 6507
theuns@unigrain.co.za

Tel: 011 692 4400
www.unigrain.co.za

Wimpie Steyn
082 452 7626
wimpie@unigrain.co.za